

Ek bedank die volgende persone vir hulle leiding
deur die jaar:

Leier: Dr. M.C.J. van Rensburg

Mede-leier: Prof. F. Ponelis

Erratum bl.72

McCawley J. Syntax and Semantics, 1975, vol.6
Rhynholt, New York.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1

Inleiding:	1.
Raamwerk van die studie	1.
Die presens in Afrikaans	4.
Die toekomstige tyd:	6.
(i) Die toekomstige tyd met gaan	7.
(ii) Die toekomstige tyd sonder sal	12.
(iii) Die toekomstige tyd met die modale hulp= werkwoord en modale bywoord.	15.
Tydsverwysing by die infinitief	18.
Die historiese presens, die dramatiese verlede tyd en die verlede tyd	23.

Hoofstuk 2

Die voorsetsel van tyd	28.
Inleiding	28.
Die voorsetsel voordat	30.
Die voorsetsel van plek en tyd	32.
Die voorsetsels voor, teen en om	32.
Die voorsetsels van tyd in, binne en op	36.

Hoofstuk 3

Die rol van die adjektief by die beskrywing van tyd	39.
Inleiding	39.
Die adjektief en bepaler van tyd	40.
Die koppelwerkwoord	50.
Die passiefkonstruksie in Afrikaans	51.

Hoofstuk 4

Die bepaler van tyd:	56.
Inleiding	56.
Die Sintaktiese beskouing van die bepaler van tyd	56.
Die bepalers van frekwensie soms, selde, gewoonlik en altyd	62.
Slotbeskouing	67.

HOOFSTUK 1

Inleiding. Kritiek teen die konsep tempus as kategorie in Afrikaans kom veelvuldig in die literatuur voor.

- (a) Aspektuele begrippe soos voltooid en onvoltooid word gekoppel aan die tydsbegrip in Afrikaans, (vgl Van der Merwe 1968).
- (b) Bywoorde en voegwoorde speel 'n belangrike rol by die aanduiding van tyd in Afrikaans, (De Villiers 1968, Van der Merwe 1968.)
- (c) Tydsvorme soos Gister swem ons in die rivier, word gebruik om die "verlede tyd" aan te dui sonder die hulpwoord van tyd het.

Van der Merwe (1968) wys verder daarop dat vorme soos Ek het geneem as 'teenwoordige tyd' en as 'verlede tyd' voorkom. Van der Merwe 1968 p49 som die situasie as volg op: "Dit kom dus daarop neer dat ons in Afrikaans nie eintlik van tydsvorme moet praat nie want die tydsaanduiding het meermale weinig te make met die verbale vorme en wat ons werklik kry is dat die handeling vanuit die spreker se standpunt t.o.v. tyd uitgedruk word met behulp van verskeie middele waarvan die verbale vorm toevallig een kan wees." Ponelis 1968 p49 stel dat het na die verlede tyd verwys:

"Die betekenis van het is verwysend na die verlede tyd. Dit beteken glad nie dat daar 'n kategorie tyd in Afrikaans bestaan nie."

Raamwerk van die studie

Die studie word binne die raamwerk van die generatiewe semantiek geskryf. By die studie sal van die vooronderstelling uitgegaan word dat bepalers van tyd (en frekwensie) onderliggende predikate is wat ontstaan buite die WS. Van Staden (1968) lewer bewyse vir die ontstaan van die bepaler van tyd, buite die WS.

2/...

Adjektiewe is onderliggende werkwoorde. Adjektiewe word o.m.van werkwoorde of naamwoorde afgelei. Botha (1973) lewer bewyse vir die werkwoordelike aard van adjektiewe in Afrikaans.

Variasievorme word nie bespreek nie en dit moet as 'n leemte beskou word by die studie. By die studie van die tydsverwysing by die passief sal daar egter gebruik gemaak word van die begrip skaal.

Twee aspekte dien as kriteria vir die voorstelling van tyd in Afrikaans:

- (a) Tempus word aangedui deur 'n reëlmatige grammatiese wisseling: Die hipotese word gestel dat het + voltooide deelwoord 'n reëlmatige vorm vertoon. Die tydsverwysing by die hulpwerkwoord het word geskei van die tydsverwysing by die wees-vorm (met die vorme is en was). Het word beskou as predikaat in die onderliggende struktuur. Die vorme is en was verteenwoordig geen predikaat in die onderliggende struktuur nie.
- (b) By tempus is daar sprake van 'n kontras wat ontstaan by die verskillende tydsvorme. Die "verlede tyd" word beskou as gepaardgaande met 'n feitelike vooronderstelling. Die presens gaan met 'n nie-feitelike vooronderstelling deur die spreker gepaard.

Lyons (1968) definieer tempus as volg: "The category of tense has to do with time relations in so far as these are expressed by systematic grammatical contrasts."

In aansluiting by De Villiers (1968) sal tussen 'n gemerkte en ongemerkte vorm onderskei word. Die presens word as ongemerkte vorm beskou.

By die presens sal die toekomstige tyd, die teenwoordige tyd en die historiese presens bespreek word. Die s.g. dramatiese verlede tyd sal as ongemerkte vorm bespreek word. Daar

3/...

sal 'n onderliggende hulpwerkwoord van tyd - het - gepostuleer word by die dramatiese verlede tyd, wat deur 'n transformasie weggelaat word. By beide die historiese presens en die dramatiese verlede tyd speel die bepaler van tyd 'n belangrike rol: dit dui 'n tydsverwysing voor die performatiewe tyd aan. Die res van die proposisie kan dus in die ongemerkte vorm staan. 'n Belangrike oorweging by die postulering van 'n onderliggende het by die dramatiese verlede tyd is dat 'n linguïstiese onderskeiding gemaak moet word tussen die historiese presens en die dramatiese verlede tyd. Konteks en die rol van konteks, word wel beklemtoon.

Konteks alléén blyk nie 'n genoegsame kriterium om die twee tydsforme te onderskei nie.

Onderliggend aan die historiese presens sal 'n presensvorm gepostuleer word en onderliggend aan die dramatiese verlede tyd 'n verledetydsvorm met het. Aan die bepaler van tyd word o.m. twee kenmerke toegeken.

- (a) Die bepaler van tyd verwys na 'n tyd voor, na en gelyktydig met die performatiewe tyd.
- (b) Die bepaler van tyd is 'n onderliggende konstante. Die voorsetsel van tyd word beskou as onderliggende predikaat en dui dikwels 'n tydsaanduiding voor, na en gelyktydig aan (vergelyk sedert; tot en met o.m.) 'n Belangrike onderskeiding sal tussen tydsverwysing by die matrikswerkwoord en tydsaanduiding binne die proposisie self, gemaak word. Tydsverwysing by die matrikswerkwoord word direk verbind met die performatiewe tyd; en deur die matrikswerkwoord met die performatiewe tyd by ingelyfde sinne. Tydsverwysing by die ingelyfde sin word nie volledig bestudeer nie.

Aspek word nie volledig bespreek nie. Die definisie van Comrie 1976 p3 sal aanvaar word:

"Aspects are different ways of viewing the internal

4/...

temporal constituency of a situation." (Comrie 1976)
Dit blyk by die studie van aspek en tydsverwysing dat twee doelstellings beklemtoon moet word.

- (a) Aspek en tydsverwysing moet formeel geskei word. Aspek is nie-deikties. Tydsverwysing is deikties van aard.
- (b) Aspek het te make met
 - (i) die manier hoe die situasie gesien word;
 - (ii) die interne tydstruktuur van 'n situasie:
Tydsverwysing is "tyd-ekstern" en aspek is "tyd-intern."

Comrie 1976 onderskei tussen perfektiewe en imperfektiewe aspek:

Perfektiewe aspek: Die situasie word as geheel beskou, as 'n enkele onanaliseerbare geheel waar begin, middel en einde nie onderskei word nie. Comrie 1976 p18 beklemtoon dat die perfektum nie 'n voltooide situasie voorstel nie:

"The use of completed, however, puts too much emphasis on the termination of a situation, whereas the perfective puts no more emphasis necessarily on the end of the situation than on any part of the situation, rather all parts of the situation are presented as a single whole."

Imperfektief: Die situasie word in sy verskillende fases gesien: begin, middel of einde.

By gewoontelike sinne sal tussen 'n universele en eksistensiële interpretasie onderskei word in aansluiting by Lawler (1972, 1973).

Die Presens in Afrikaans

Die presens in Afrikaans word deur die ongemerkte vorm van die proposisie gekenmerk. In vorm kom die dramatiese ver-

5/...

lede tyd ooreen met die presens.

Die toekomstige tyd word as 'n modale vorm gekenmerk. Twee aspekte van die toekomstige tyd verdien aandag: die tydsvorm is nie-implikatief en nie-feitelik nie. Givón 1973 p15 stel dat die toekomstige tyd nie-feitelik is nie: "... the future modality is clearly not factive and in fact its use implies that the action in question has not yet occurred."

Die toekomstige tyd kan ook aangedui word deur werkwoorde soos kom. Wanneer werkwoorde soos kom vergelyk word met werkwoorde soos het en besit blyk dit dat kom na die toekomstige tyd verwys en nie-feitelik of nie-implikatief is nie. Die werkwoorde het of besit is duidelik implikatief en feitelik.

Jan kom huis toe.

⚡ Jan is by die huis.

Jan het 'n motor.

⤵ Jan besit reeds 'n motor.

Die verskil tussen kom en besit dien ook as aanknopingspunt vir die bespreking van die infinitief by die sg. katentiewe werkwoorde. Die hipotese sal gestel word dat kom by die sin Ek kom om te werk reeds 'n verwysing na die toekomstige tyd het en tyd kan by die ingelyfde sin om te werk opgehef word. Dit word beklemtoon dat hoewel die toekomstige tyd 'n modaliteitsvorm het, daar tog sprake is van tyd: die tyd na die performatiewe tyd.

By die vorm sou (wou ens.) is dit moontlik om tyd (d.i. het) op te hef by die infinitief wees: Jan sou hier wees/slaap omdat tempusaanduiding reeds by die hoër (matriks-) werkwoord sou voorkom. Waar die tyd nie opgehef word nie, word die vorm Jan sou hier geslaap het gegenereer.

Dit blyk problematies te wees om sal/sou as 'n hoër predikaat te beskryf soos by kom. In Ek kom om te werk tree kom duidelik op as hoër matrikswerkwoord. Kom tree egter ook op as antesedent vir werk, net soos sou optree as antesedent vir wees of slaap. In aansluiting by Langacker (1974) kan die verskil egter gemaak word tussen modi en die objektiewe

6/...

inhoud van die sin, en modi (tempus, modaliteit en aspek) kan beskou word as aangeheg aan die hoër predikaat. Die twee begrippe antesedent en hoër predikaat kom telkens ter sprake by die tydsvorme: by die historiese presens en by die dramatiese verlede. Die definisie van 'n hoër predikaat word telkens gewysig: as matrikswerkwoord by die infinitief en as 'n element soos die negatief of bepaler van tyd wat ontstaan buite die WS. Die argument word ook aangevoer dat gaan + wees optree as antesedent (of voorvereiste) by sal. Wat kom en gaan betref, het die twee vorme 'n belangrike gemeenskaplike kenmerk. Beide werkwoorde dui ook plek aan:

Jan kom by Nylstroom aan en die samestelling:
aankomende; aankomende Dinsdag of selfs aankomende verkeer.

Beide tyd- en plekaanduiding het 'n deiktiese funksie. Die werkwoorde het en besit is feitelik en implikatief. Die feitelike aard van die werkwoord het is in ooreenstemming met die feitelike aard van die hulpwerkwoord het + deelwoord. Givón 1973 bl 14 stel dat die verlede tyd 'n feitelike vooronderstelling het: "All else being equal past and present progressive ... commit the speaker to the belief that the act did take place ... These two modalities are thus factive."

Die hulpwerkwoord het word dan ook beskou as 'n onderliggende predikaat.

Die toekomstige tyd

De Villiers (1968) wys daarop dat daar verskeie middele bestaan om die toekomstige tyd uit te druk.

- (a) Sal + infinitief.
Die bouwerk sal oor agtien maande begin.
- (b) Gaan + infinitief.
Ek gaan deur Macedonië reis.
- (c) Die toekomstige tyd sonder sal + bepaler van tyd.

7/...

Môre speel ons teen X.

Hulle vertrek aanstaande Maandag.

(d) Modale hulpwerkwoorde en modale bywoorde.

Dalk bly hy weg.

Sy doen dit miskien.

Hy wil huis toe gaan.

Die toekomstige tyd met gaan.

By die vorm gaan sal twee strukture ontleed word:

Gaan as koppelwerkwoord en gaan as medewerkwoord:

want ek gaan deur Macedonië.

Hulle gaan trou/werk.

Die tweede groep: Hulle gaan trou/werk sal hoofsaaklik ontleed word. Die onderskeiding tussen gaan as koppelwerkwoord en as medewerkwoord beteken nie dat die twee vorme geen verband met mekaar het nie, in teendeel, die ooreenkoms tussen die twee vorme moet beklemtoon word. By die vorm gaan + infinitief sal drie verdere onderskeidings gemaak word:

(i) gaan + word:

'n Nuwe Kaapstadse woonbuurt gaan aan die noordkant van die nasionale pad uitgelê word.

(ii) Gaan + wees:

As die besluit ten gunste van 'n skeepsverf gaan wees. (Voorbeeld geneem uit De Villiers 1968)

(iii) Gaan + werkwoord

Hulle gaan trou.

By die gaan + koppelwerkwoordstruktuur kan o.m. die vorm Jan gaan 'n dokter bly verder ontleed word.

Teoretiese agtergrond

Binnick (1971) wys daarop dat be going to gepaard gaan met 'n vooronderstelling van sekerheid by die spreker. Sin 1(a) is aanvaarbaar in 'n situasie waar daar twyfel bestaan by die spreker of Jan hom geld wil leen of kan leen. Die spreker maak die vooronderstelling by die gebruik van sin 1(b) dat Jan hom geld kan leen of wil leen.

8/...

- 1(a) Jan sal vir jou geld leen.
1(b) Jan gaan vir jou geld leen.

By die sin Die regering is bekommerd oor mense wat in die moeilikheid gaan beland, maak die spreker die vooronderstelling dat daar mense gaan wees wat in die moeilikheid gaan kom. By die sin Die regering is bekommerd oor mense wat in die moeilikheid sal beland, maak die spreker die vooronderstelling dat mense moontlik in die moeilikheid kan beland. 'n Sin soos Ek gaan Jan doodmaak, indien jy dit verlang, is aanvaarbaar in 'n situasie waar die spreker reeds sy hande om Jan se nek het. Die sin Ek sal Jan doodmaak, indien jy dit verlang, is onaanvaarbaar in dié besondere situasie. Gaan dui dikwels 'n nabye toekoms aan. Binnick (1971) wys op die voorbeeld Omdat ek gaan sterf en omdat ek sal sterf. De Villiers (1968) wys op die voorbeeld Ek gaan trou teenoor Ek sal trou.

Binnick (1971) verwys na twee teorieë om die implikasie van 'n nabye toekoms by Omdat ek dood gaan te verduidelik.

- (a) Die teorie van die Port Royal-skool wat die toekoms in terme van die afstand van die hede meet. Binnick verwerp die teorie.
- (b) "Present relevance", betrokkenheid met die hede. Binnick 1971, p45, 46, aanvaar die teorie met voorbehoude.
"But it is hard to reconcile this supposedly non predictive quality of going to with its supposed certainty of its assertion".

Botha (1973) analiseer die onderliggende struktuur van die koppelwerkwoord as bestaande uit die betekenisatome (verander wees/duur).

'n Belangrike teoretiese vraagstuk ontstaan nou: moet die koppelwerkwoordsvorm Jan gaan dorp toe, geskei word van gaan + infinitief: Jan gaan dorp toe (stap). Die standpunt sal hier ingeneem word dat gaan + infinitief (word, wees en bly) dieselfde semantiese funksies verrig as die koppelwerkwoord gaan.

(i) Gaan + wees

Gaan + wees vorm 'n voorvereiste vir 'n voorspelling (sal).

Voorbeeldsinne

Jan gaan siek wees.

Omdat/want Jan gaan siek wees.

Dit toon aan hoe belangrik so 'n skeepswerf vir die ekonomie gaan wees. As die besluit ten gunste van die skeepswerf gaan wees. (Voorbeeldsinne: De Villiers, 1968).

Die spreker maak die vooronderstelling dat 'n besluit geneem word by die gebruik van die sin As die besluit ten gunste van die skeepswerf gaan wees.

As die besluit ten gunste van die skeepswerf gaan wees en nie die spoorwegstasie nie, sal 'n ondersoek ingestel word.

* As die besluit ten gunste van die skeepswerf gaan wees en geen besluit word geneem nie, sal 'n ondersoek ingestel word.

Die besluit ten gunste van 'n skeepswerf veroorsaak dat 'n ondersoek ingestel word by die sin: "As die besluit ten gunste van 'n skeepswerf gaan wees, sal 'n ondersoek plaasvind.

By die sin Ek sal na julle kom, want Jan gaan siek wees tree gaan + wees op as voorvereiste vir ek sal na julle kom.

Gaan + wees tree nie as voorvereiste op by die sin Jan gaan siek wees, want hy eet baie nie. Die sin Dit toon egter aan hoe belangrik die skeepswerf vir die ekonomie van Wes-Kaap gaan wees, tree op as voorvereiste vir die sin Binne ... 'n paar jaar ... sal 'n stad verrys:

Binne 'n paar jaar sal 'n stad verrys. Dit toon aan hoe belangrik so 'n werf vir die ekonomie gaan wees.

Die werkwoord verrys word gekoppel aan 'n vooronderstelling van nie-beplanning. Uitgelê of beplan word, in teenstelling met verrys, gekoppel aan 'n vooronderstelling van beplanning:

Die stadsraad beplan die strate.

Die stadsraad is besig met die uitleg van die strate.

*Die stadsraad verrys 'n woonbuurt.

Die aanbou van 'n skeepswerf dien as oorsaak vir die ontstaan van 'n stad by die sin: Binne 'n paar jaar sal ... 'n stad verrys: Dit toon aan hoe belangrik die werf gaan wees.

By die sin: Jan gaan siek wees. Dit sal ons 'n paar benoude oomblikke besorg tree Jan gaan siek wees as rede op vir Dit sal ons 'n paar benoude oomblikke besorg.

Gaan + word

Gaan + word dui dikwels 'n onmiddellike toekoms aan. Voorbeeldsinne:

Jan gaan siek word.

Jan gaan gesond word.

Jan gaan ryk word.

'n Nuwe Kaapse woonbuurt gaan aan die noordekant uitgelê word.

Gaan + die werkwoorde sterf, ontslaan, ontbrand, ont-
plof, praat, breek en sluit dui ook op onmiddellike

toekoms.

Jan gaan sterf.

Jan gaan ontslaan word.

Die mengsel gaan ontplof.

Die glas gaan breek.

Jan gaan die deur sluit.

Jan gaan praat.

Jan gaan trou.

Die sin Jan gaan praat kan in ten minste twee kontekste voorkom:

(i) 'n Konteks wat sekerheid aandui:

Jan gaan volgende week op die vergadering praat.

In die konteks kan praat of gaan praat nie as onmiddellike toekoms beskou word nie. (ii) Gaan praat kan ook voorkom in 'n konteks waar dit dui op 'n verandering, of 'n wending. In 'n konteks waar Jan siek is en sy lippe beweeg, is die sin Jan gaan praat aanvaarbaar maar nie die sin Jan sal praat nie. Gaan dui op 'n verandering en kom as onmiddellike toekoms voor.

Die werkwoorde ontplof, ontbrand en ontslaan dui ook op 'n nabye toekoms in 'n konteks waar 'n verandering of wending ter sake is.

Die mengsel gaan ontplof.

Die lont gaan ontbrand.

Jan gaan ontslaan word.

In 'n konteks waar gevaar skielik dreig dui die sin Jan gaan die deur sluit 'n nabye toekoms aan. Die sin Jan sal die deur sluit is onaanvaarbaar in die konteks. Die sin Jan gaan ryk word, want hy het 'n kontrak met A.E.C.I. impliseer dat Jan ryk gaan word as 'n direkte gevolg van die kontrak. Jan sal ryk word, want hy het 'n kontrak met A.E.C.I. impliseer nie dat Jan ryk gaan word as 'n direkte gevolg van die kontrak nie. Die sin Jan gaan ryk word dui egter op 'n onmiddellike toekoms waar dit 'n nuwe wending voorstel. Die werkwoorde dagvaar, uitdink en aanhou dui nie op 'n onmiddellike toekoms : wanneer dit vergelyk word met ontslaan, sluit of

sterf nie:

Jan gaan Koos dagvaar.

Jan gaan 'n plan uitdink.

Jan gaan aanhou met werk.

Gaan + dagvaar, uitdink en aanhou dui op sekerheid van die spreker.

Die toekomstige tyd sonder sal.

De Villiers (1968) toon aan dat die toekomstige tyd aangedui kan word sonder die hulpwerkwoord sal. Die bepaler van tyd soos bv. môre dui die toekomstige tyd aan.

Môre speel ons teen X.

Hulle vertrek aanstaande Maandag.

In aansluiting by Lakoff G (1971) sal 'n onderliggende sal gepostuleer word by die sin: Môre speel ons teen X.

Die bepaler van tyd môre, dui 'n tydsverwysing na die performatiewe tyd aan. Die modale hulpwerkwoord sal dui ook 'n toekomstige tyd aan en dit is moontlik om die tydsverwysing by sal op te hef. Sal dui egter ook modaliteit aan en die opheffing van sal lei tot 'n verandering van modaliteit by die proposisie. Konteks speel klaarblyklik 'n belangrike rol by die weglating van sal.

Teoretiese agtergrond.

Lakoff G (1971) stel dat 'n sin soos Môre speel die All Blacks teen SWD transformasioneel afgelei word van Môre sal die All Blacks teen SWD speel. Lakoff G (1971) stel 'n algemene reël voor vir sal-weglating: Sal kan weggelaat word indien die spreker seker is dat die gebeurtenis gaan plaasvind. Een probleem duik onmiddellik op: volgens watter kriteria onderskei moet word tussen gaan en die sal-lose toekoms. Die sin Binne 'n paar jaar gaan 'n stad hier verrys, is aanvaarbaar maar nie die sin *Binne 'n paar jaar verrys 'n stad nie.

Jenkins (1972) en Vetter (1973) kritiseer die stelling van Lakoff G (1971) op grond van sinne soos Ek is nie seker dat

13/...

die All Blacks môre teen SWD speel nie en Ek is nie seker of die All Blacks môre teen SWD speel nie, want dit mag reën. Die matriksinhoud nie seker nie hef die sekerheid van die ondergeskikte sin op.

Vetter 1973, p106, maak twee belangrike stellings t.o.v. sal-weglating. Sal-weglating kan plaasvind wanneer die sin 'n situasie voorstel wat beplan is. "The sentence must describe an event which can be planned in the strict sense; that is one over which the participants presently have control."

Die sinne sê iets omtrent die teenwoordige (p106):

"Surely it is no accident that the absence of will in sentences which appear to be about future events causes those sentences to say something about the present as well ... that those future events are presently planned."

Dit blyk dat twee aspekte van Vetter (1973) se stelling ondersoek moet word:

- (a) Die spreker of deelnemers moet beheer hê oor die situasie: die sin Môre verander die wentelbaan van die son moet as onaanvaarbaar beskou word.
- (b) Die gebeurtenis moet beplan word: "in 'n vaste skema of vorm ontwerp moet word." Die sin Môre speel die All Blacks teen SWD moet as aanvaarbaar beskou word terwyl Môre speel die All Blacks goed teen SWD as onaanvaarbaar beskou word.

Die werkwoorde voel, verrys, onthou, skep ('n nuwe produk) raai, versprei, staar, verbeel, verander(1), leef, ontstam, ontaard, ontvolk, ontwikkel(1), ontwortel, vergeet, besterf en brei uit, blyk onaanvaarbaar te wees sonder sal.

In 'n situasie waar die werkwoorde aanvaarbaar is, impliseer die proposisie 'n kontrole oor die gebeure.

Die sin Jy kan jou geld op Sea Cottage verwed, want

môre wen Sea Cottage die wedren, impliseer dat die spreker beheer het oor wat in die wedren gaan gebeur.

Die werkwoorde voel, sien, onthou en vergeet, impliseer dat die spreker beheer oor die onderwerp van die proposisie uitoefen.

Môre voel Jan gelukkig.

Môre sien Jan die huis.

Môre onthou Jan die antwoord.

Môre vergeet Jan die antwoord.

Die werkwoorde versprei (1), leef, ontstam, ontvolk, ontaard, ontwortel, besterf, brei-uit, en verrys word geassosieer met 'n vooronderstelling van nie-beplanning:

Niemand beplan die ontvolking van die platteland nie.

Voorbeeldsinne:

*Môre versprei die gras.

*Môre leef Jan.

*Môre ontvolk die platteland.

*Môre ontaard die vergadering.

*Môre ontwortel die Xhosas.

*Môre ontstam die Xhosas.

*Môre besterf die woorde op sy lippe.

*Môre brei die voorstad Linden uit.

*Môre verrys die stad.

Die werkwoorde versprei, ontwikkel en verander is meerduidelig in betekenis. Verander(1) kan semanties voorgestel word as X verander Y.

Jan verander môre sy lewenswyse.

Jan verander môre die vorm van die beeld. By verander(1) het die spreker beheer oor die situasie. Verander kan ook beteken X verander in X. Môre verander die seisoene. By die vorm Môre verander die seisoene het die spreker geen beheer oor wat gebeur nie. Die sin Môre verander die seisoene kan egter as aanvaarbaar beskou word omdat die spreker van 'n plan bewus is: die spreker sien die verandering van die seisoene as deel van 'n plan.

15/...

Die werkwoord versprei beteken X versprei Y:

Môre versprei Jan die grassaad. Die spreker het beheer oor die verspreiding van grassaad. Die werkwoord versprei kom ook voor by sinne soos Môre versprei die gras/die siekte. Die spreker het geen beheer oor die toestand nie en gevolglik kan die sin as onaanvaarbaar beskou word.

*Môre versprei die gras.

Vergelyk verder:

*Môre pronk die blom.

Die sin *Môre ontwikkel die platteland is onaanvaarbaar omdat die spreker onder normale omstandighede geen beheer kan uitoefen oor die ontwikkeling van 'n gebied nie. Die sin: Môre ontwikkel Jan die foto is aanvaarbaar omdat die spreker beheer oor die situasie kan uitoefen.

Die werkwoorde verpes, sterf, saai, lewer (die uitspraak), bestorm, bekruip, verhuis, vertrek en besorg is aanvaarbaar by die vorm Môre speel Jan.

Môre speel Jan in die tuin.

Môre vertrek Jan.

Môre lewer Jan die uitspraak.

Môre bekruip Jan die wag.

By die sin Môre speel die All Blacks teen SWD, is die spreker bewus van 'n plan.

Die toekomstige tyd met die modale hulpwerkwoord en modale bywoord.

De Villiers (1968) wys daarop dat die toekomstige tyd aangedui word deur die modale hulpwerkwoorde sal, kan, mag, wil en moet. Die bywoord dui in sommige gevalle ook die toekomstige tyd aan.

Binne 'n paar jaar sal 'n stad verrys.

Hy moet gou terugkom.

Hy wil die huis koop.

Dit mag reën.

Hy kan tog kom.

Dan bly ons tuis.

Dalk bly hy weg.
Sy doen dit miskien nog.

Teoretiese agtergrond.

Lyons 1968, p307, 308 omskryf modaliteit as volg:

"If - a particular language has a set of one or more devices for "marking" sentences according to the speaker's commitment with respect to the factual status of what he is saying, his emphatic certainty, uncertainty or hope ..." en "We find a large variety of ways in which the attitude of a speaker is grammatically marked."

Hoffman (1966) onderskei tussen 'n randbetekenis ('epistemic') en 'n kernbetekenis ('root') by die modale hulpwerkwoorde. Hoffman definieer die kernbetekenis van modale medewerkwoorde as die betekenis wat beperk is tot lewende voorwerpe:

Kan (met die betekenis-vermoë.)

Jan kan fiets ry.

Kon

Jan kon fiets ry.

Mag (toestemming).

Jan mag maar gaan.

Wil (gewoontelike hardkoppigheid)

Ek wil gaan.

Wou

Ek wou gaan.

Randbetekenis:

Mag (moontlikheid)

Jan mag slim wees, maar hy het nie maniere nie.

Kan (moontlikheid).

Hy kan tog kom.

Die modale hulpwerkwoord sal dui tyd aan. Twee betekenisonderskeidings kom by sal voor:

(a) 'n Randbetekenis: toekomstigheid (moontlikheid)

Jan sal môre kom.

(b) 'n Kernbetekenis: (beslistheid.)

Jan sal onmiddellik werk.

17/...

Palmer (1974) maak die onderskeiding tussen onderwerps- en gespreksmodale werkwoorde.

Onderwerpsmodale werkwoorde verwys na 'n aktiwiteit, kwaliteit of status van die onderwerp van die sin.

Jan wil môre kom.

Jan kan fiets ry.

Wil kom nie in die passief as waarheidekwivalent van die stelsin voor nie.

Jan wil Sannie soen.

4 Sannie wil deur Jan gesoen word

Die modale werkwoorde kan en sal verskil in een opsig van wil en mag. Die kernbetekenis van kan: Jan kan fiets ry dui op 'n vermoë wat die onderwerp van die sin karakteriseer. Die sin Jan kan fietsry impliseer dat Jan reeds die vermoë besit om fiets te ry. Die kernbetekenis van sal: "beslistheid" dui op 'n bepaalde houding van die spreker. By die sin Jan sal nou gaan dui die bepaler van tyd nou 'n tyd gelyktydig met die performatiewe tyd aan. By die bepaler van tyd onmiddellik en nou beteken sal verpligting, by die sinne: Jan sal nou gaan/werk.

Jan sal onmiddellik gaan/werk.

Die modale werkwoord moet dui ook op 'n bepaalde houding van die spreker: verpligting.

Die modale werkwoorde mag (toestemming), (moontlikheid), wil, kan (moontlikheid), sal (moontlikheid) en behoort dui op 'n moontlikheid.

Die moontlikheid word geassosieer met die toekomstige tyd. Die bywoorde miskien, dan en dalk (en so ook vermoedelik, skynbaar, hopelik en waarskynlik), dui op 'n moontlikheid.

Die toekoms (omdat dit nog nie plaasgevind het nie) dui op moontlikhede.

Werkwoorde soos probeer, glo, stuur, adviseer, vra, hoop(om) beveel, versoek, kom, gaan, waarsku, vermaan, verwittig(om), nooi, begeer, laat (iemand laat gaan, 'n huis laat bou) en

soek (o.m.) dui op 'n toekomstige aksie of moontlikheid. Die werkwoorde is nie-feitelik en nie-implikatief.

Jan probeer om te werk.

↳ Jan werk nie.

Jan kom hopelik.

↳ Jan kom nie.

Jan soek die boek.

↳ Jan het die boek.

Jan vind die boek.

↳ Jan het die boek.

Die modale werkwoorde sal (moontlikheid) mag, behoort (ens), die bywoorde miskien, dan, dalk, wanneer, as en indien dui op moontlikhede.

Die modale medewerkwoord sal dui moontlikheid aan, maar sal dui ook tyd aan.

Dit blyk verder nodig te wees om die infinitiefvorm sal-wees, sal-gewees het en gaan-wees te bespreek.

Tydsverwysing by die infinitief.

Scholtz (1963) bespreek infinitiefvorme soos die volgende:

sal hê.

sal wees.

dat ek die hout sou gekap het.

dat die hout sou gekap gewees het.

dat die hout sou kon gekap gewees het.

Scholtz (1963) bespreek verder die vervangende infinitief:

dat ek kom werk.

dat ek haar hoor speel.

dat ek die huis laat bou.

dat ek kom werk het.

dat ek haar hoor speel het.

dat ek 'n huis laat bou het.

dat ek gekom werk het.

dat ek haar gehoor speel het.

dat ek die huis gelaat bou het.

De Villiers (1968) wys verder op vorme soos kon gewees het.

Teoretiese agtergrond.

In aansluiting by Scholtz (1963) sal twee vorme van die infinitief bespreek word:

(a) behoort te wees.

(b) behoort te gewees het.

Jy hoef nie daar te wees nie.

Jy hoef nie daar te gewees het nie.

In aansluiting by Huddleston (1968) en Palmer (1974) sal katentiewe werkwoorde gedefinieer word as werkwoorde wat deur 'n infinitief gevolg word.

Katentiewe werkwoorde kan verdeel word volgens die keuse van tydsverwysing van die werkwoorde in die ondergeskikte sin. Katentiewe werkwoorde kan verdeel word in werkwoorde wat 'n tydsverwysing voor, gelyktydig of na die werkwoord-tyd in die ondergeskikte sin kies.

(a) Katentiewe werkwoorde wat 'n tydsverwysing na die werkwoord-tyd in die ondergeskikte sin selekteer, sluit in: probeer (om), adviseer (om), hoop, beveel, versoek, kom, gaan, waarsku, nooi, begeer en laat (asook die modale medewerkwoorde sal, mag, wil en kan).

(b) Katentiewe werkwoorde wat 'n tydsverwysing gelyktydig met die werkwoord-tyd in die ondergeskikte sin selekteer, sluit in sien, hoor, is besig en is besiel. Die vooronderstelling sal gemaak word dat die adjektiefkonstruksie afgelei word van die werkwoord besig:

Hy besig homself met werk. *

Die vorm sien kom voor by die infinitiefvorme sien speel asook in konstruksies soos Ek moet dit sien om te glo. Die werkwoord ontmoedig kom klaarblyklik by groep (b) sowel as (a) voor. Die werkwoord ontmoedig het die interpretasie < probeer oorreed om nie >.

Gister ontmoedig Jan vir Sannie om te kom. D

*(vgl hoofstuk 3)

20/...

Sannie kom nie.

Die werkwoord ontmoedig het ook die interpretasie
<oorreed om nie > : Gister het Jan vir Sannie ont=
moedig om te kom >. Sannie kom nie.

Givón (1973) wys daarop dat werk=
woorde soos misluk wat negatief-implikatief is en
implikatiewe werkwoorde soos hou aan:
(Jan hou aan om Sannie te soen) Jan soen Sannie),
nie by twee tydsverwysings soos gister en vandag voor=
kom nie:

½Gister misluk/hou Jan aan/(Jan) om Sannie môre te
soen.

Werkwoorde van groep (a) wat verwys na 'n toekomstige
tyd is nie-implikatief en kom saam met twee tydsbe=
bepalers soos gister en vandag voor:

Gister wou Jan môre kom.

Jan het Koos gister beveel om môre te kom.

- (c) Katentatiewe werkwoorde wat met 'n tydverwysing voor die
werkwoord-tyd, in die ondergeskikte sin voorkom: het.
Die vorm het as werkwoord en as hulpwerkwoord het +
deelwoord word, in die onderliggende struktuur gevind
as predikate (vgl. Ross 1967). Die werkwoord het
toon een belangrike gemeenskaplike kenmerk met die
hulpwerkwoord het. Die werkwoord het, het 'n feitelike
vooronderstelling soos die hulpwerkwoord het:

Jan het 'n motor.

Jan het Koos geslaan.


In Afrikaans word die werkwoord het in die verlede tyd
gemerks as gehad.

Dit is moontlik om die strukture dat ek die hout sou
gekap het en dat ek die hout sou kap binne die raam=
werk te ontleed. Die modale hulpwerkwoord sou dui
moontlikheid aan in die verlede tyd. Sou dui ook tyd
aan: + Verlede + Toekoms teenoor sal + Toekoms.

Die onderliggende struktuur van dat ek die hout sou
kap en dat ek die hout sou gekap het word voorgestel
as:

21/...

Diagram 1



Die tydsverwysing by die hoër matrikswerkwoord sou is (+ Verlede + Toekoms). In die ondergeskikte sin kan tyd opgehef word om die vorm Ek sou die hout kap te lewer met die tydsverwysing (+ Verlede + Toekoms) aangeheg aan die modale werkwoord sou; ('n Verlede toekomstige tyd) vgl. verder: Nadat Columbus Amerika ontdek het, het hy teruggekeer na Spanje, waar hy baie beproewinge sou verduur en Hulle sou daardie aand in B slaap, (De Villiers 1968). Waar die verlede tydsverwysing in die ondergeskikte sin nie opgehef word nie, word die vorme Jan sou gekom het en Ek sou die hout gekap het gegenereer: 'n verlede van 'n verlede. (In aansluiting by Bach, 1967 sal die vooronderstelling gemaak word dat het in die inlyfsin na die eindposisie deur 'n latere transformasie verskuif word).

Onderliggend aan die vorm Jan kom werk kan die struktuur Jan kom om te werk gepostuleer word. Kom verwys na die toekomstige tyd en die tydsverwysing in die ondergeskikte sin word opgehef. By die vorm het kom werk, tree het op as hoër werkwoord wat 'n tydsverwysing voor die hoër werkwoord-tyd in die

22/...

ondergeskikte sin kies. Die voorkoms van infinitiefvorme soos kom werk, sien speel en laat bou, word beperk. By die vorm sien speel en hoor speel is die infinitiefvorm beperk tot perseptuele werkwoorde: Ek kyk na haar speel en Ek luister na haar speel.

Twee verdere vorme verdien aandag: behoort te kom, behoort te gekom het en die infinitiefvorm wees. Die medewerkwoorde behoort en hoef nie word gekenmerk:

- (a) deur die infinitiefmerker te en
- (b) die afwesigheid van 'n verlede tydsvorm. Waar 'n ondergeskikte sin voorkom by die vorme en 'n het (+ Verlede) aanwesig is kan die kenmerk (+ Verlede) nie opgehef word nie. Strukture soos Jan behoort te gekom het, kan gegenereer word.

Postal P (1971) stel dat verhoging, soos by die vorm Jan behoort homself te skaam: ((Jan behoort dit)(Jan skaam)) gepaard gaan met betrokkenheid van die spreker op 'n pragmatiese vlak. By die medewerkwoorde behoort en durf kan verhoging plaasvind. Die betrokkenheid van dié medewerkwoorde mag moontlik 'n rede wees vir die afwesigheid van 'n verlede tydsvorm by die medewerkwoorde.

Die vorme is, was verskyn in die onderliggende struktuur as die betekenisatoom/wees/: (Botha 1973). Tempusaanduiding kom in die bobou voor. By die sin Jan sal siek wees verskyn wees as infinitief/wees/omdat tyd reeds by die medewerkwoord sal teenwoordig is, (vergelyk verder Jan wil siek wees). By die vorm gewees het dui het die verlede tydsinfinitief aan. In hoofstuk 3 word die hipotese gestel dat tydsaanduiding reeds teenwoordig is by die adjektief. Die adjektief word afgelei van die deelwoord wat in die onderliggendstruktuur reeds gemerk is. Die verlede tydsvorm van die werkwoord word deur 'n onderliggende het gemerk as verlede tyd. Strukture soos gewees het kan by die infinitief voorkom. By die bobou word is en was ingevoeg afhangende van die tydsverwysing, wat deel van die betekenis van die adjektief is.

Die historiese presens, die dramatiese verlede tyd en die verlede tyd.

By die bespreking van die infinitief is daar gewys dat sal voor die infinitief verskyn en tydsverwysing nie by die infinitief verskyn nie. Die werkwoord sal dui reeds tyd aan.

By die historiese presens speel drie faktore 'n rol by die aanduiding van tyd.

- (a) Die bepaler van tyd.
- (b) Konteks.
- (c) Antesedent-tyd-verhoudings.

Konteks: In aansluiting by De Villiers (1968) sal die historiese presens beskou word as 'n literêre vorm: 'n stilistiese faktor. Die gebruik van die vorm binne 'n literêre konteks dien as tydsverwysing na 'n tyd voor die performatiewe tyd.

Die bepaler van tyd.

Die bepaler van tyd as hoër predikaat dui 'n tydsverwysing voor, na en gelyktydig met die performatiewe tyd aan. By die historiese presens dui die bepaler van tyd 'n tydsaanduiding voor die tyd van uiting aan. (In aansluiting by Botha (1973) sal na toe verwys word as pro-vorm van die verlede tyd).

Die middag aan tafel word min gepraat. En toe sy vader dit sien. (Voorbeeld geneem uit De Villiers 1968).

Eendag loop 'n Voortrekkerseun in die veld.

Die bepalers van tyd: eendag, daardie middag en en toe dui 'n tydsverwysing voor die tyd van uiting aan.

Die res van die sin kan as ongemerkte vorm (sonder het) verskyn omdat die bepaler van tyd reeds 'n tydsaanduiding voor die tyd van uiting aandui.

By die dramatiese verlede tyd dui die bepaler van tyd (d.i. gister) 'n tydsverwysing voor die tyd van uiting aan. Die res van die sin verskyn as ongemerkte vorm:

Gister swem ons in die rivier.

By die verlede tyd kan dieselfde verskynsel waargeneem word: Toe sy hamer slaan, stap oom Thys vorentoe met sy klaar uit

geskryfde tjek. Die mense het net hulle koppe geskud.
(voorbeeld geneem uit De Villiers 1968).

(c) Antesedent-tyd-verhoudings:

Die vorme het en was tree op as antesedent by tyds=
verhoudings by die historiese presens. Die vorm was
en het by die volgende voorbeelde dui 'n tydverwysing
voor die tyd van uiting aan. Die res van die sin ver=
skyn in die ongemerkte vorm.

Dit was warm die aand en ons sit buite voor die ou huis.
Maar Henning het sy geduld verloor en skreeu.

Die vorm het plus deelwoord vorm dikwels 'n verlede van
'n verlede by die historiese presens.

Dit was warm genoeg die aand en ons sit buite voor die
ou huis ... Oom Karel het die middag goed uitgerus
(voorverlede) ... Van agter die tuinbome hoor 'n mens
radio-musiek, waar die jongmense dans. Dominee en
Mevrou het ook vir die aand hierheen uitgery (voorver-
lede)." - (vgl De Villiers 1968.)

Die proses kom ook by die verlede tyd voor: Die be=
paler toe verwys reeds na 'n verlede tyd en die res van
die sin kan in die ongemerkte vorm verskyn. Het
merk egter die sin as verlede van 'n verlede.

Toe ek dan vanoggend die kookwater op die kan gegooi
het (voorverlede). (vgl De Villiers 1968).

Kiparsky (1968) wys daarop dat die historiese presens
in hedendaagse Indo-Europese tale 'n onderliggende pre=
sens vertoon. Twee konstituente: die werkwoord en
die bepaler van tyd dui 'n verlede tyd in Indo-Europees aan.

Die gemerkte vorm van die werkwoord is oorbodig en kan
verdwyn.

Harris (1972), in 'n werk oor die diachroniese ontwikkel=
ing van die Franse werkwoordsisteem, wys daarop dat die
betekenis van die historiese presens nog verlede is,
hoewel dit die presensvorm het. Harris 1972, p273,

25/...

gee as verduideliking:

"What has taken place is something widely attested at least within I.E. languages: surface regularity increases at the expense of greater divergence between the surface structure and the deepest underlying structure, in this case that of time. Thus the tense which is morphologically present (despite its past value) comes to behave syntactically as a present tense despite the fact that it still represents an underlying past time."

Twee aspekte verdien verdere aandag:

- (a) die dramatiese verlede en
- (b) sinne soos Oom Karel het die middag goed uitgerus wat by die historiese presens 'n verlede van 'n verlede voorstel. Beide vraagstukke kom daarop neer of die kategorie tempus aanwesig is in Afrikaans. By die sin Oom Karel het die middag goed uitgerus, is die konteks van die sin 'n presens (of ongemerkte vorm). Die historiese presens is 'n presensvorm maar het die onderliggende betekenis van 'n verlede. Die gemerkte vorm Oom Karel het die middag goed geslaap vorm 'n verlede en binne die konteks van 'n verlede verwysing word die vorm 'n verlede van 'n verlede.

Die vorm Gister swem ons in die rivier toon 'n ooreenkoms met die vorm Môre speel ons teen die All Blacks. By beide die vorme is daar sprake van gelykmaking. Onderliggend aan Môre speel ons teen die All Blacks is die modale hulpwerkwoord sal gepostuleer wat binne 'n bepaalde konteks deur 'n transformasie weggelaat word. By die vorm Gister swem ons in die rivier sal 'n soortgelyke onderliggende het voorgestel word wat deur 'n transformasie weggelaat word.

Die vorm Gister swem ons in die rivier verskil in konteks van 'n sin soos Gister het ons in die

rivier geswem. Die vorm Gister swem ons in die rivier is onaanvaarbaar as antwoord op die vraag Wat het julle gister gedoen? terwyl die antwoord Gister het ons in die rivier geswem aanvaarbaar is.

Die verlede tyd of toekomstige tyd kan ook aangedui word deur adjektiefkonstruksies soos verlede week of aankomende Dinsdag. Die toekomstige tydsverwysende modaal sal kan ook by konstruksies soos Hy hardloop aankomende Dinsdag opgehef word omdat 'n toekomstige betekenis voorkom as deel van die betekenis van aankomende.

Twee verdere faktore blyk 'n rol te speel by die gelykmakingsproses.

- (1) Inherent, as deel van die betekenis van werkwoorde is 'n verwysing na 'n tydsaanduiding voor, na en gelyktydig met die performatiewe tyd. By die bespreking van die infinitief is reeds werkwoorde soos probeer en kom geïdentifiseer wat 'n tydsverwysing na die matrikswoord-tyd by die ingelyfde sin selekteer. Die werkwoord probeer kom dan ook in die verlede tyd voor en kom saam met die ongemerkte vorm van die werkwoord voor:

Sy het toe merke vir die water gestel en op die wyse met behulp van haar oorlosie die snelheid van sy vordering probeer skat. (vgl De Villiers 1968).

- (2) Konteks: Dit blyk nodig te wees om uit te vind hoekom die tydverwysing van sal by die vorm Môre speel ons teen X opgehef word terwyl die vorm Môre sal ons teen X speel voorkom. Die vorm Môre speel ons

27/...

teen X kom met 'n vooronderstelling van beplanning voor. Dit sal hier gestel word dat die betekenis beplan verwys na 'n tyd gelyktydig met die performatiewe tyd: die werkwoord beplan dui op 'n aktiwiteit gelyktydig met die van die performatiewe tyd of voor die performatiewe tyd. By die sin Ons beplan die wedstryd vir môre dui beplan aan dat die proses van beplanning plaasvind of dat die proses reeds voltooid is: voor die performatiewe tyd. Die sin Gister swem ons in die rivier beantwoord nie 'n vraag soos Wat het julle gister gedoen, nie. Dit sal hier gepostuleer word dat 'n sin soos Gister swem ons in die rivier gepaard gaan met 'n vooronderstelling van betrokkenheid van die spreker by vertelling van die gebeure. Een vorm van die "teenwoordige tyd" gaan gepaard met betrokkenheid van die spreker: Terwyl D die bal stel - dis 'n tree, nie eers 'n volle tree ... (vgl De Villiers 1968). Die spreker is betrokke by vorme soos dis 'n tree, nie eers 'n volle tree van ... gee hy vier treë terug omdat die gebeure nou plaasvind. Die teenwoordige tyd gaan met 'n vooronderstelling van betrokkenheid gepaard omdat die teenwoordige tyd nou plaasvind. Die spreker is betrokke by die gebeure. By die sin Gister swem ons is 'n onderliggende het gepostuleer, gister verwys na 'n tyd voor die performatief en het kan weggelaat word. Die verlede tyd word op twee maniere gemerk: die bywoord (bv. gister) en die werkwoord (het + deelwoord).

Die sin Gister het ons geswem verskil in twee opsigte van die sin Ons swem. Die sin Gister het ons geswem is feitelik (dit het reeds plaasgevind) en die spreker is nie betrokke by die gebeure nie. Die sin ons swem is nie-feitelik (die gebeure vind plaas) en die spreker is betrokke by die gebeure. Die vorm het + deelwoord is 'n reëlmatige vorm om die feitelikheid aan te dui.

Hoofstuk 2

Die voorsetsel van tyd.

Inleiding.

Senekal, Ponelis en De Klerk (1972) onderskei tussen voorsetsel- en bywoordkonstruksies by die bepaler van tyd.

Jan slaap deur die nag.

Jan het gister gekom.

In die afdeling word slegs strukture soos Jan slaap deur die nag ondersoek. Drie aspekte van die voorsetsel word as belangrik beskou.

- (a) Onderliggend aan die voorsetsel is 'n predikaat teenwoordig. Die voorsetsel sedert verwys na 'n tydsbepaling voor die tyd van die matrikswerkwoord: Jan werk sedert gister/verlede week/*môre. Die voorsetsel tot verwys na 'n tydsbepaling na die tyd van die matrikswerkwoord: Jan werk tot môre/volgende week/*gister. Die voorsetsel met dui op gelyktydigheid: Met die aanbreek van die oorlog, was Jan tuis.
- (b) Die bepalers van tyd wat met die voorsetsels voorkom, is beperk; die voorsetsel om kom by tydsbepalings soos 12 nm.: om 12 nm. voor, maar nie by tydsbepalings soos vanmiddag: *om vanmiddag nie. Die voorsetsels voor en teen kom wel met bepalings van tyd soos vanmiddag voor.
- (c) Plek- en tydvoorsetsels stem ooreen en verrig dikwels dieselfde funksie: in beperk plek- en tydbepalings terwyl op lokatief is: in die aand; in die huis; op die plaas; op die 15de Desember.
- Tyd- en plekverwysing het 'n deiktiese funksie. Plek- en tydsbepaling word gesien vanuit die oogpunt van die spreker.

Teoretiese agtergrond.

Geiss (1970) beskou voorsetsels van tyd soos voor en na as

29/...

onderliggende vergelykende adjektiefkonstruksies met die betekenis vroeër as en later as. Die voegwoorde tot en sedert word herlei na onderliggende aspektuele werkwoorde met die betekenis begin en eindig.

Strukture soos voor en na ondergaan 'n werkwoord weglatings= transformasie wat by vergelykingskonstruksies voorkom. Die vorme voordat en nadat ondergaan nie die weglatings= transformasie nie. Ross (1967) se eiland-beperkings speel 'n groot rol by die verskil tussen voor, na, voordat en nadat.

Jan vertrek voor Koos vertrek.

Jan vertrek voor Koos.

Jan vertrek na Koos vertrek.

Jan vertrek na Koos.

Jan vertrek voordat Koos vertrek.

*Jan vertrek voordat Koos.

Jan vertrek nadat Koos vertrek.

*Jan vertrek nadat Koos.

Jan werk nie tot Koos nie werk nie.

*Jan werk nie tot Koos.

Jan werk nie sedert Koos nie werk nie.

*Jan werk nie sedert Koos.

Bepalers soos 5 uur, lank en kort kom voor by voor en na voor, maar nie by tot en sedert nie.

Jan vertrek 5 ure voordat Koos vertrek.

Jan vertrek 5 ure nadat Koos vertrek het.

*Jan vertrek 5 ure totdat Koos vertrek het.

*Jan vertrek 5 ure sedert Koos vertrek het.

Lank voordat hy by die brandende huis kon kom, was die brand=
weer reeds daar.

Kort nadat die vliegtuig opgestyg het, moes hy weens tegnie=
se probleme weer neerstryk.

Die duratiewe tot word geassosieer met duratiewe bywoorde.

Jan hou aan om klavier te speel/nou/*om 12 uur n.m./gedurende
die middag/ tot 12 uur n.m.

Jan bly hier/tot môre/gedurende die dag,/*om een uur n.m.

30/...

Jan hou aan om te drink/ *tien uur nm. / gedurende die eerste paar jaar van sy huwelik/totdat Koos sterf / sedert Koos gesterf het.

Kritiek op dié analise van tot het gekom vanweë die analise van die negatief as hoër predikaat. Vorme soos

*Jan word wakker tot 9 uur is onaanvaarbaar.

Karttunen (1975) wys byvoorbeeld daarop dat 'n sin soos Jan slaap nie tot(dat) (dit) 9 uur (is nie), meerduidig is omdat die werkwoord slaap meerduidig is: bly aan die slaap en raak aan die slaap en nie omdat die bereik van die negatief verander nie. Die positiewe polêre tot kom by statiese en duratiewe werkwoorde voor, sowel as by sinne wat 'n iteratiewe interpretasie toelaat.

Die brug is gesluit tot Maandag.

Die man sluit die brug tot Maandag.

Die man wag tot Maandag.

Die voëls vlieg tot Desember.

Jan bly hier tot Maandag.

Die gaste arriveer tot middernag.

*Jan arriveer tot middernag. (vgl Horn 1970 o.m.)

Die negatiewe polêre tot kom in negatiewe omgewings voor: by die werkwoord hoop wat die transformasie negatiefverhoging toelaat.

Ek glo nie dat Jan wakker word totdat dit 9 uur is nie.

Ek dink nie dat Jan wakker word totdat dit 9 uur is nie.

Ek hoop nie dat Jan wakker word totdat dit 9 uur is nie.

Sweeny (1976) wys daarop dat totdat in die plek van voordat, in sekere omgewings kan voorkom.

Die mense kom nie na die wedstryd totdat dit 9 uur is nie.

Die mense kom nie na die wedstryd voordat dit 9 uur is nie.

Die voorsetsel voordat

Lakoff G (1970) en Heinämäki (1972) wys daarop dat die voorsetsel voordat verband hou met die logiese struktuur van die sin. Vorme soos Voordat die verkeerskonstabel vir Jan be=

boet het, het Jan oor die straat geloop, is meerduidig.
Heinäkäki (1972) wys daarop dat die voordat-sinsdeel, deel
van die vooronderstelling van die spreker is: Jan het mo-
tors vervaardig voordat hy 'n onderwyser geword het: .

Dit is moontlik dat Jan motors vervaardig het voordat hy 'n
onderwyser geword het.

Jan het nie motors vervaardig voordat hy 'n onderwyser geword
het nie.

→ Jan het 'n onderwyser geword.

Koos het (nie) gesterf voordat N. P. van Wyk Louw gebore is
(nie).

→ N. P. van Wyk Louw is gebore.

Konteks kan die vooronderstelling van voordat ophef.

Sannie het gesterf voordat sy haar tesis voltooi het.

↗ Sannie het haar tesis voltooi:
(Voordat $S_1 S_2 \longrightarrow \sim S_2$)

Sannie is getroud voordat sy haar tesis voltooi het:

→ Sannie het haar tesis voltooi.
(Voordat $S_1 S_2 \longrightarrow S_2$)

Twee strukture by voor kan ontleed word:

- (a) Kort voor die dames begin gil het, het Archie links
geswaai.
- (b) Voor die naweek sal ek die werk klaar gedoen het, want
ek hou nie van 'n gesloer nie.

By die (a) vorm dien die voor-sinsdeel as vooronderstelling
van die spreker: Archie het (nie) links geswaai voor die
dames begin gil het(nie).

→ die dames het begin gil.

Twee uitsonderlike gevalle kan na verwys word: by die mo=
daal moet en by al klaar.

Jan was al besig om die derde som uit te werk voor Piet die
eerste klaar gemaak het.

Jan was nie reeds besig om die derde som uit te werk voor
Piet die eerste een klaar gemaak het nie.

→ Piet het nog nie die eerste som klaargemaak nie.

Jy moet 'n eed aflê voor jy in die hof getuig.

Jy moet nie 'n eed aflê voor jy in die hof getuig nie.

→ Jy getuig in die hof.

→ Jy moet in die hof getuig.

Die vorme voor Desember maak nie deel van die vooronderstel-
ling van die spreker uit nie.

Jy sal nie voor Desember klaar wees nie (maar voor Januarie).

Die vorm voor + plekbepaling kom ook nie as deel van die
vooronderstelling van die spreker voor nie:

Jan staan nie voor die kar nie (hy staan voor die huis).

Die voorsetsel van plek en tyd.

Die studie van voorsetsels van plek en tyd word binne die
raamwerk van die studie van Klooster (1972) en Geiss J (1971)
gemaak. Kempen (1975) wys daarop dat strukture soos Ons
eet (tyd) onaanvaarbaar is teenoor die aanvaarbare
(plek)

Ons eet op 'n (plek).
(tyd)

Die voorsetsel verrig 'n bepaalde semantiese funksie in die
sin.

Die voorsetsels voor, teen en om.

Verspreiding van die tydsvoorsetsel voor:

voor (agtuur
(vanaand
(die naweek
(die einde van die kwartaal
(die einde van die jaar
(volgende jaar
(die jaar 1938
(Desember.

Voorbeeldsinne:

Hy het die werk voor 6 uur klaar gehad.

Jan sal 50 000 myl met die motor voor Desember afgelê het.

Alhoewel ons klas daardie boek voor die einde van verlede
kwartaal klaar gelees het, sal hulle dit waarskynlik nie

voor volgende week klaar hê nie.

Die tydsvoorsetsel voor kom by 'n bepaalde punt in tyd voor. Die spreker stel die aksie voor op bepaalde punt in tyd. Die plekvoorsetsel word ook gestel voor 'n bepaalde plek: voor die huis, voor die tuin: Die vrugtebome staan voor die tuin. van die boer; Jan staan voor die huis.

Die tydsvoorsetsel na kom by 'n bepaalde punt voor. Na 'n bepaalde punt in tyd: na vanaand; na agtuur; na Vrydag; na die einde van die kwartaal.

Jan vertrek na 5 uur.

Die leerlinge was klaar na Vrydag.

Hy was oorstelp van vreugde om sy vriende na twintig jaar weer te sien.

Konstruksies soos Jan loop voor Koos, is meerduidig in interpretasie: as plek-of as tydsbepaling.

By die werkwoorde sit, staan en lê, met 'n statiese interpretasie, kom plekbepalings voor.

Jan sit voor Koos.

Jan staan voor Koos.

Jan lê voor Koos.

Die vorme Jan gaan sit voor Koos gaan sit, Jan gaan staan voor Koos gaan staan en Jan gaan lê voor Koos gaan lê, dui egter 'n tydsverhouding aan. Die meerduidige sinne Jan hardloop voor Koos, Jan loop voor Koos en Jan spring voor Koos weg, is tydsbepalend by vergelykingskonstruksies soos Jan hardloop voor Koos hardloop, Jan loop voor Koos loop en Jan spring weg voor Koos wegspring.

'n Vergelykbare konstruksie met voor is die tyds- en plekvoor-setsel teen.

Verspreiding van die tydsvoorsetsel teen:

Teen: (agtuur
(vanaand
(die einde van die jaar

34/...

- (Desember
- (die tyd/die volgende kwartaal
- (uitskei-tyd
- (1938

Voorbeeldsinne

Ek sal teen elfuur nog aan die werkstuk werk.

Teen vieruur het ek die tuin klaar geskoffel gehad en was ek besig om die aarbeie te plant.

Teen Geloftedag het die messelaars die mure gebou gehad, maar die verwers sal teen die begin van die volgende kwartaal nog nie klaar wees nie.

Ek het gisteraand bra min uitgevoer gehad, maar sal die werk darem teen vanaand klaar hê.

Teen die einde van sy lewe kan hy baie voorvalle uit sy verlede sit en vertel.

By die vulstasie het ons brandstof gekoop. Teen daardie tyd het ons al ons padkos opgeëet.

In die môre hys ons die vlag en teen sononder word hy weer gestryk.

Teen uitskeityd het ek nog gesukkel met die werk wat hy voor etenstyd al klaar gehad het.

Die plekvoorsetsel teen kom ook voor by 'n bepaalde punt in plekruimte: teen die bult, teen die muur, teen die paaltjies:

Dit was so teen vyfuur toe Hutton sy honderdtal behaal het ... en die paaltjiewagter sy kop teen die paaltjies gestamp het.

Die beeste wei teen die bult.

Hy stamp sy kop teen die muur.

Die voorsetsel van plek en tyd - teen - kom by 'n bepaalde plek of tyd voor. Die spreker stel 'n tyd- of plekruimte voor of na (of agter) 'n bepaalde punt in tyd of by 'n bepaalde plek by die gebruik van voor en na (agter).

Die bepaalde punt in tyd- of plekruimte dien as grens vir 'n aksie; voor agtuur.

Teen is aanleunend aan 'n bepaalde plek of tyd:

Ek gaan hierdie werkstuk nie voor agtuur klaar hê nie, maar sal waarskynlik teen agtuur nog daaraan werk.

Die voorsetsel om is meer beperkend as voor of teen.

Die verspreiding van om is ook meer beperk:

Om middernag, om twee-uur, *om die middag, *om die week.

Die konstruksie al om die derde dag word beskou as 'n uitdrukking van frekwensie eerder as tyd.

Om middernag sal ek nog aan die werk wees.

Om drie-uur sal die dokter nog besig wees.

Hy hardloop om die baan.

Die voorsetsel om sluit 'n bepaalde plek of tyd in.

Voor- en agtersetsels wat by 'n bepaalde punt in tyds- of plekruimte voorkom sluit in:

vanaf, van, tot en tussen.

Hy reis vanaf Kaapstad tot Durban.

Hy werk vanaf Januarie tot Desember.

Vanaf Durban, vanaf Desember.

Tussen Maart en April.

Tussen Kaapstad en Durban.

Die werkwoorde vertrek, bereik (die eindpunt) en word wakker is aanvaarbaar by die voorsetsel tussen.

Hy vertrek tussen 12 uur nm. en 2 uur nm./ *Mosselbaai en Kaapstad.

Hy word wakker tussen 12 uur nm. en 2 uur nm./Mosselbaai en Kaapstad.

Hy bereik die eindpunt tussen 12 uur nm. en 2 uur nm./ Mosselbaai en Kaapstad.

Die werkwoord vertrek is by bg. sinne alleenlik onaanvaarbaar by die plekbepaling tussen Kaapstad en Mosselbaai.

Die werkwoorde word wakker, vertrek en bereik is onaanvaarbaar by die voorsetsels vanaf - tot.

*Hy vertrek van Kaapstad tot Durban/ *Januarie tot Maart.

*Hy word wakker vanaf Kaapstad tot Durban.

*Hy bereik die eindpunt vanaf Durban tot Kaapstad/ 2uur nm. tot 4 uur nm.

Die voorsetsels van tyd en plek in, binne en op.

Verspreiding van die tydsvoorsettel in:

in: die aand/dag/week .
Desember
die jaar 1938
die verlede/toekoms.

Voorbeeldsinne:

In 1838 het die Blankes teen die Zoeloes geveg.

In vroeër jare het mans sowel as vrouens pruik gedra.

In die môre hys ons die vlag en teen sonder word hy gestryk.

Die mans het in Desember gekom.

Vroeg in die môre het die aanval begin.

In beperk die tydsverwysing: in die aand teenoor in die og=
gend, in 1838 teenoor in 1940.

Die voorsettel in is ook beperkend ten opsigte van plek.

Hulle sit in die skadu van die akkerboom.

In die vlaktes van Rusland vind 'n mens nog wilde diere.

Jan is in die huis en nie buite die huis nie.

Die mans het in Desember gekom en nie in Januarie nie.

By die voorsettel in kom geen punt in tyd of plek soos by
voor, voor nie.

Die vorm * in die 15de Desember is onaanvaarbaar: in beperk
tyds- of plekruimte en lokaliseer nie tyd nie.

Die voorsettel binne kom by konstruksies soos binne
veertien dae, 'n paar weke of 'n paar maande voor. Binne
dui bestek in tyd aan.

'n Passasiersvliegtuig bereik London gewoonlik binne 14 uur
nadat dit van Jan Smuts opgestyg het.

Dit lyk moontlik dat hy binne 14 dae kan herstel.

Die voorsettel op lokaliseer tyd en plek: op die 15de De=
sember, op die plaas.

37/...

Verspreiding van die voorsetsel van tyd op:

- op (die 15de Desember
- (die oomblik/daardie oomblik
- ('n Vrydag
- (dié dag

Voorbeeldsinne:

Op daardie tydstip was Pasteur nog besig om te probeer vas=
stel watter soort kieme die siekte veroorsaak.

Op die oomblik sit hy nou wel en droom, maar gewoonlik luis=
ter hy darem aandagtig.

Dit reën op die oomblik, hoewel September gewoonlik 'n droë
maand is op die hoëveld.

Op die dag het Andries Pretorius met sy kommando die mag van
Dingaan verpletter ... op die wal van Bloedrivier was die
laer getrek.

Op die 15de Desember 1906 het ons na die Kaap toe gegaan.

Op die vergadering is met lof gepraat van die goeie werk wat
Albert gedoen het.

Hulle hou altyd vergaderings op die plek.

Die voorsetsel in beperk tyd en plek, die voorsetsel uit
neem van die verlede.

Die verspreiding van die voorsetsel uit:

- Uit: (die verlede
- (sy jong dae

Voorbeeldsinne:

Uit sy ryp ervaringe kon hy op sy oudag lange nagte, bittere
teleurstellings en sware beproewinge uit die verre verlede
meedeel.

Teen die end van sy lewe kon hy ure lank voorvalle uit sy
vervloë jeug sit en vertel.

Hy neem water uit die dam.

Die voorsetsel deur.

Verspreiding van die voorsetsel van tyd

deur (die nag/ jaar
(die jare

Voorbeeldsinne:

Jan moes deur die nag werk om sy werk klaar te kry.

Deur die jare moes Jan hard werk en baie opoffer.

Die vreeslike koue het ons verplig om deur die dag vuur te maak.

Ons moes deur die bos/kamer gaan.

Die voorsetsel deur kom by ruimtelike .bepalings deur die nag, jaar, die bos of deur die kamer voor. Die tydsvoorsetsel deur stem met die tydsvoorsetsel gedurende: gedurende die dag, * 12 uur nm. ooreen.

Slot:

Tyd- en plekvoorsetsels kom by dieselfde bepalinge voor en verrig dieselfde funksies: in beperk plek of tyd: in die hoëveld en in die aand.

Tyd- en plekvoorstelling word op dieselfde manier benader: beide tyd- en plekvoorstelling word gesien uit die oogpunt van die spreker.

Hoofstuk 3

Die rol van die adjektief by die beskrywing van tyd.

Inleiding:

Die adjektiefkonstruksie skep besondere probleme vir die studie van tyd in Afrikaans. Die adjektief verbind met die koppelwerkwoordreeks.

- (a) Tempus aanduiding geskied in die bobou by die koppelwerkwoordreeks. By die vorme is en was word tempus aangedui deur vokaalwisseling. Die infinitiefvorme skep besondere probleme. By die vorm sal-wees is aangetoon dat sal reeds as antesedente werkwoord tyd aandui en tyd weggelaat word by die infinitief. By is en was kom die vorme gewees voor. In bepaalde kontekste vervang gewees het vir was. In aansluiting by wat reeds gesê is in hoofstuk 1 by die infinitief, is die vorm gewees moontlik te verwagte, dit is egter die het wat probleme skep. By die vorm is word wees eerder as gewees verwag. Dit is egter nodig om te kyk na die tweeledige aard van is. Is kan 'n tyd gelyktydig met die performatiewe tyd verteenwoordig. Jan is siek teenoor Jan was siek. Is verteenwoordig ook 'n tyd voor die performatiewe tyd. Jan is geslaan teenoor Jan is siek. Die stelling maak twee aannames:
- (i) die passiefvorm is 'n adjektiewe konstruksie;
 - (ii) die adjektiefvorm het 'n werkwoordelike oorsprong en tydsverwysing word reeds in die onderliggende struktuur verteenwoordig, maar word eers in die bobou met die vorm is of was aangedui. Tydaanduiding is reeds teenwoordig by die werkwoord.
- (b) Die adjektief en koppelwerkwoord verbind met die bepaler van tyd. Twee aspekte word ondersoek:
- (i) die beperking op die voorkoms van bepalers van tyd en adjektiewe: die vorm Jan is vandag lewend

is onaanvaarbaar. Sg. is die vorm Jan was gister dood onaanvaarbaar.

- (ii) In aansluiting wat gesê is by (a) word daar gekyk na die deiktiese aard van adjektiewe. Voor-me soos aankomende (Dinsdag) word ondersoek.

Die adjektief en bepaler van tyd.

Senekal e.a. (1972) onderskei tussen twee strukture by die koppelwerkwoord is:

- (a) wees + adjektief
(b) wees + N.S.

Van Staden (1968) ontleed drie strukture by die wees + adjektief + bepaler van tydkonstruksie:

- (a) wees + adjektief + bepaler van tyd.
Jan is vandag vriendelik.
(b) Wees + bepaler van plek + bepaler van tyd.
Jan is vandag tuis.
(c) Wees + bepaler van rigting + bepaler van tyd.
Jan is vandag skooltoe.

Ghallagher (1972) argumenteer dat bepalers van tyd nie met statiese adjektiewe verbind nie.

Adjektiewe soos slim, lewend en sterk is onaanvaarbaar by bepalers van tyd soos vandag:

- *Jan is nou slim.
*Jan is vandag lewend.
*Die man het gister sterk arms gehad.
(*Jan was gister dood).
*Die standbeeld was swaar in 1960.

Stadiese adjektiewe soos siek, sukksesvol en duur kom by bepalers van tyd soos gister en vandag voor.

- Jan is vandag siek.
Jan is vandag suksesvol.
Die artikel is vandag duur.

Die adjektiewe oud, jonk en swaar lewer elkeen besondere probleme.

Die adjektief swaar is aanvaarbaar by 'n bepaler van tyd soos in 1960 waar die onderwerp 'n naamwoord soos Jan, die kat of die kind is. By die naamwoorde die yskas, die motor of die huis is die konstruksie swaar + bepaler van tyd onaanvaarbaar.

*Die yskas was swaar in 1960.

*Die motor was swaar in 1960.

*Die gebou was swaar in 1960.

Die kind was swaar in 1960.

Die man was swaar in 1960.

Die kat was swaar in 1960.

Jan was swaar in 1960.

Die adjektiewe oud en jonk blyk onaanvaarbaar te wees by die bepaler van tyd.

*Jan is vandag jonk.

*Jan is vandag oud. Die vorme Jan is vandag oud/ jonk kom wel voor, maar by idiomatiese taalgebruik. By die vorm Jan is vandag oud verwys die bepaler van tyd nie na 'n tydsverwysing gelyktydig met die performatiewe tyd soos by Jan slaap vandag in die tuin nie. By die gebruik van vandag is eerder betekenisuitbreiding ter sake. Die gebruik van die vorm Jan is vandag jonk is wel aanvaarbaar waar 'n teksanalise toon dat onderliggend aan die vorm Jan is vandag jonk 'n onderliggende struktuur soos Jan reageer/tree op asof hy vandag 'n jong persoon is gepostuleer kan word.

Die vorm Jan is vandag 'n prokureur is ook onaanvaarbaar waar die bepaler van tyd vandag na 'n tyd gelyktydig met die performatiewe tyd verwys. Sg. aan die vorm - is jonk vandag, word die bepaler vandag gekenmerk deur betekenisuitbreiding. Onderliggend aan die vorm Jan is vandag 'n prokureur, kan die onderliggende struktuur Jan tree op/*reageer asof hy vandag 'n prokureur is, gepostuleer word.

Die vorm Jan is jonk verskil in een opsig van Jan is 'n prokureur. De Villiers (1968) wys daarop dat die vorm Jan is 'n prokureur in aspeksvorm verteenwoordig.

Dowty (1972) beskou die adjektief jonk as 'n onderliggende tydelike - beperkte adjektief: die vorm Jan trou jonk, word deur Dowty gegenereer uit 'n struktuur soos Jan trou as hy jonk is; Jan het jonk getrou word gegenereer uit Jan het getrou toe hy jonk was.

Dowty (1972) onderskei tussen vorme soos:

Ek skiet Jan dood.

Ek verklaar Jan dood.

Jan trou jonk.

Die vorm Ek skiet Jan dood stel 'n handeling voor. Die sin Ek skiet Jan dood impliseer dat Jan lewend was toe hy geskiet is: *Ek skiet die lyk dood.

Dowty (1972) genereer die vorm Ek verklaar Jan dood uit die struktuur Ek verklaar dat Jan dood is. Die sin Jan het jonk getrou genereer Dowty (1972) uit die "tyd" inlyfsin Jan het getrou toe hy jonk was.

Dowty (1972) blyk twee aanvegbare aannames te maak.

- (a) Adjektiefkonstruksies word in die onderliggende strukture uit inlyfsinne gegenereer.
- (b) Die koppelwerkwoord wees (is, was) is in die onderliggende struktuur teenwoordig as predikaat (vgl. hiermee Botha 1973). Die stelling impliseer egter nie dat adjektiewes soos jonk niks met tyd te make het nie.

Die bepaler van tyd vandag is onaanvaarbaar by die adjektief lewend. Die bepaler van tyd gister is onaanvaarbaar by die adjektief dood.

Jan was gister lewend.

Jan is vandag dood.

*Jan was gister dood hoewel ek dink/weet dat hy vandag lewend is.

*Jan is vandag lewend hoewel ek*dink/*weet/*droom dat hy gister dood was.

Die struktuur Jan is vandag lewend impliseer dat Jan gister dood was. Die vorm Jan was gister dood impliseer dat Jan vandag lewend is.

Dit blyk nodig, by die verdere studie van die adjektief om voorlopig twee faktore konstant te hou: die adjektief en die bepaler van tyd. Die koppelwoord is en was word telkens vergelyk. Die vooronderstelling word nie gemaak dat die vorme is en was enige betekenis het nie; in aansluiting by Botha (1973) sal aanvaar word dat enige betekenis wat die wees konstruksie mag toon toegeskryf kan word aan die betekenis van die adjektief of naamwoord. Die vorme wat bespreek word sluit in gebore, dood en getroud.

Jan en Marie is getroud in 1935.

Jan en Marie was getroud in 1935.

? Jan was gebore in 1935.

Jan is gebore in 1935.

Jan is dood in 1935.

*Jan was dood in 1935.

Die sin Jan en Marie was getroud in 1935 is aanvaarbaar in 'n konteks waar die teksanalise toon dat die spreker nie meer seker is of Jan en Marie nog getroud is nie.

Jan en Marie was getroud in 1935/en ek weet nie of hulle nog getroud is nie/*en ek weet dat hulle nog getroud is.

Die sin Jan en Marie is getroud in 1935, is aanvaarbaar in 'n konteks waar die spreker weet dat Jan en Marie nog getroud is.

44/...

Jan en Marie is getroud in 1935/* en ek weet nie of hulle nog getroud is nie/ en ek weet dat hulle nog getroud is.

Die vorm Jan en Marie was getroud in 1935 verskil in nog een opsig van die sin Jan en Marie is getroud in 1935. Die sin Jan en Marie was getroud in 1935 impliseer

- (a) dat Jan en Marie getroud geraak het in 1935 of
- (b) Jan en Marie was reeds getroud in 1935 vgl:

Jan en Marie was getroud in 1935 toe ek hulle ontmoet het.

Jan en Marie was getroud toe ek hulle in 1935 ontmoet het.

Die sin Jan en Marie is getroud in 1935, impliseer

- (a) Jan en Marie het getroud geraak in 1935 maar nie
- (b) Jan en Marie was reeds getroud nie.

*Jan en Marie is getroud in 1935 toe ek hulle ontmoet het.

*Jan en Marie is getroud toe ek hulle in 1935 ontmoet het.

Die sin Jan en Marie is getroud in 1935 toe ek hulle ontmoet het is aanvaarbaar indien die interpretasie daaraan gegee word dat Jan en Marie getroud is omdat ek hulle ontmoet het.

Die verskil tussen die was en is vorme by getroud kan geïnterpreteer word as 'n semantiese verskil tussen is en was. Die verskil is egter 'n gevolg van die betekenis van die adjektief getroud: die verskil tussen 'n adjektief soos getroud en gebore is belangrik.

Jan is gebore in 1935.

? Jan was gebore in 1935.

N P van Wyk Louw is gebore in 1935.

Die sin Jan is gebore in 1935 is aanvaarbaar in 'n konteks waar Jan nog lewe.

Jan is gebore in 1935 en hy lewe nog.

*Jan is gebore in 1935 en hy is reeds oorlede.

45/...

Die sin Jan was gebore in 1935 is aanvaarbaar in 'n konteks waar Jan reeds oorlede is. Die struktuur N. P. van Wyk Louw is gebore in 1935 is egter aanvaarbaar. Bolinger (1971) maak 'n verskil tussen bekende en onbekende persone.

Lakoff R (1972) maak die onderskeiding tussen ou- en nuwe inligting. As nuwe inligting is die 'presens' vorm is aanvaarbaar. Die vorm is:

N.P. van Wyk Louw is gebore in 1935 is aanvaarbaar as nuwe inligting. Die sin Jan was gebore in 1935 impliseer dat Jan gebore geraak het in 1935. In teenstelling met getroud is daar by die vorm was gebore geen implikasie dat Jan reeds voor 1935 gebore is nie. Die sinne Jan was gebore in 1935 toe ek hom ontmoet het en Jan was gebore toe ek hom in 1935 ontmoet het, impliseer dat dit moontlik is om iemand te ontmoet voordat hy gebore is.

Die sin Jan was dood in 1935 is onaanvaarbaar omdat die sin impliseer dat Jan nou lewend is. Die sin Jan was dood in 1935 is egter aanvaarbaar in 'n konteks waar die spreker wil beklemtoon dat Jan reeds dood is.

Dowty (1972) wys daarop dat sinne soos Die standbeeld was swaar in 1935, in bepaalde kontekste aanvaarbaar is. Die sin Die standbeeld was swaar in 1935 is aanvaarbaar in 'n konteks waar die spreker die standbeeld in 1935 gedra het. Wanneer die spreker weer die standbeeld dra is dit ligter : die voetstuk en kopstuk het bv. verdwyn. Dowty (1972) verklaar die onaanvaarbaarheid van die sin *Die Standbeeld was swaar in 1960 in teenstelling met die aanvaarbare Jan was swaar in 1960 in terme van die konsep van Bolinger (1971) van essensiële en nie-essensiële eienskappe van die naamwoord.

Bolinger (1967) onderskei tussen twee tipes adjektiewe

- (a) adjektiewe wat 'n graadverskil moontlik maak met die betekenis: besit die kwaliteit.

- (b) Adjektiewe met die betekenis, verwysend na wat twee pole voorstel. "The contrast between two different adjective meanings 'having the quality of' which is comparable since qualities can be possessed in different degrees, and pertaining to, which is either true or not true with nothing in between." (Bolinger 1967).

Botha (1973) gee as voorbeeld van lg. die plekaanwysende adjektiewe duskant en oorkant.

Die adjektiewe dood, lewend, jonk en oud, en swaar is vergelykbaar. Die adjektiewe swaar het die betekenis 'besit die kwaliteit van' en kom in vergelykingskonstruksies voor.

Jan was swaarder in 1970 as wat hy in 1960 was. Die adjektiewe dood en lewend kom nie in vergelykingskonstruksies voor nie en het die betekenis "verwys na."

*Jan was meer lewend in 1970 as wat hy in 1960 was.

*Jan was meer dood in 1970 as wat hy in 1960 was.

Die adjektief jonk en oud kom by vergelykingskonstruksies voor.

Jan was ouer in 1970 as wat hy in 1960 was.

Jan was jonger in 1970 as wat hy in 1975 was.

Jan sal ouer wees in 1980 as wat hy in 1978 sal wees.

Jan sal jonger wees in 1978 as wat hy in 1980 sal wees.

Die adjektief swaar verskil van die adjektiewe jonk en oud in een opsig: die verbinding met die bepaler van tyd.

Jan was swaarder in 1960 as wat hy in 1970 was / was swaarder in 1970 as wat hy in 1960 was.

Jan was ouer in 1970 as wat hy in 1960 was / *was ouer in 1960 as wat hy in 1970 was.

Jan was jonger in 1960 as wat hy in 1970 was / *was jonger in 1970 as wat hy in 1960 was.

47/...

Die adjektiewe jonk en oud verskil ook wat die plasing van die bepaler van tyd betref: by die verlede tyd:

Jan was ouer in 1970 as wat hy in 1960 was.

Jan was jonger in 1960 as wat hy in 1970 was.

By die toekomstige tyd:

Jan sal ouer wees in 1980 as wat hy in 1979 sal wees.

Jan sal jonger wees in 1979 as wat hy in 1980 sal wees.

Tydsverwysing is deikties. By die adjektief jonk en oud word twee verskillende punte in tyd gebruik as uitgangspunt. By die adjektief jonk beskou die spreker tyd vanaf die performatiewe tyd tot Jan se geboorte. By die adjektief oud word Jan se geboorte as beginpunt gebruik.

De Villiers (1968) wys daarop dat adjektiewe soos beleerde en verowerde ooreenkomste met die vergelykbare werkwoord toon, wat 'aspek' betref.

De Villiers (1968) wys daarop dat begeerde afgelei kan word van "duratiewe werkwoorde" en gebakte, beloofde en gebinde (o.m.) afgelei kan word van 'perfektiewe werkwoorde.'

In aansluiting by Botha (1973) kan die vorm verowerde stad as volg geanaliseer word:

- Stad (X perf. verower die stad)
- Stad (stad perf. verower deur X)
- Stad (wat perf. verower)
- Stad / verower
- verowerde stad

Twee aspekte van die analise is belangrik.

- (a) By stap 2 moet die voorwerp verskuif word.
- (b) Die aspek onderskeiding bly behoue by die adjektief.


Botha (1973) analiseer die struktuur destydse gebeurtenis as volg: (die analise word vereenvoudig).

(Dit perf. gebeur destyds)
NS. NS

—→ gebeurtenis destyds.

—→ destydse gebeurtenis.

Lakoff G (1972, 1973) beskou die bepaler van tyd as 'n hoër predikaat wat predikate modifiseer. Die bepaler van tyd verwys na 'n tydsaanduiding voor, na en gelyktydig met die tyd van uiting. By die struktuur Dit gebeur destyds kan die onderliggende struktuur voorgestel word as:



Destyds besit reeds 'n tydsverwysing voor die performatiewe tyd. By die vorm Destydse gebeurtenis behou die adjektief destydse die tydsverwysing voor die tyd van uiting. Strukture soos destydse gebeurtenis bly beperk tot deverbatiwe omdat die bepaler van tyd 'n predikaat modifiseer.

Conradie M (1969) stel dat werkwoorde soos herhaal, bestuur, skreeu, onderskei, laak, aanbid en beweer nie as adjektief = konstruksie voorkom nie. (Conradie M (1969) stel verder dat bg. vorme slegs in die passief voorkom en dan alleen by 'n passief met is (verlede tyd) of was. Conradie M (1969), stel dat bg. vorme 'n 'leksikale hulpmiddel' vir die leser is om te onderskei tussen 'n adjektief-en passief konstruksie. Die vorme verbind nie met 'n presensvorm 'is' nie).

Isis was/is aanbid.

Sy woorde was/is herhaal.

Die maatskappy was/is bestuur.--

Daar is/was op haar geskreeu.--

Daar is/was onderskei.--

Jan was/is gelaak.

Daar is/was beweer --

(Die bespreking van die passief- en adjektiefkonstruksie word afsonderlik behandel). Die invloed van Engels mag moontlik 'n belangrike rol speel by die werkwoorde. Voorlopig sal die vooronderstelling gemaak word dat die passief 'n adjektiewe konstruksie is.

By die adjektiefkonstruksies herhaal, bestuur, geskreeu, onderskei, gelaak, aanbid en beweer kom die verlede tydsvorm was (sowel as die verlede tydsvorm is) voor.

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat die werkwoord gaan na die toekomstige tyd verwys. Die verwysing na die toekomstige tyd is deel van die betekenis van die werkwoord Jan gaan huis toe. Jan is by die huis. Die tydsverwysing is deel van die betekenis van die werkwoord en waar die adjektief afgelei word van die werkwoord, word die tydsverwysing behou. Die adjektiewe herhaal, bestuur, geskreeu, onderskei, gelaak, aanbid en beweer is feitelik en verwys na "n verlede tyd." Herhaal impliseer dat die woorde reeds gesê is by die sin Jan herhaal sy woorde. Drie verdere konstruksies kan nou ondersoek word: aankomende Dinsdag, verlede Dinsdag en die voorige dag. Die vorm aankomende Dinsdag verwys na 'n tyd na die performatiewe tyd en verlede Dinsdag na 'n tyd voor die performatiewe tyd.

Die vorm aankomende is vergelykbaar met die werkwoorde kom / aan. Die werkwoord kom, net soos gaan is nie-implikatief en verwys na die toekoms. Jan kom huis toe. Jan is by die huis. Die vorm aankomende verwys na 'n tydsverwysing na die performatiewe tyd omdat die werkwoord kom 'n tydsverwysing na die performatiewe tyd bevat. Die vorm verlede Dinsdag, kan ontleed word uit die vorm Dinsdag verlede. Die vorm verlede kom ooreen met die naamwoord Die verlede.

Die voorsetsel van tyd voor is ontleed as onderliggende werkwoord: 'n onderliggende adjektiewe vergelykingskonstruksie. Die voorsetsel voor verbind nie direk met die performatiewe tyd nie maar verbind deur die matrikswerk-

woord met die performatiewe-tyd. Voor maak 'n vergelyking tussen die werkwoord-tyd van loop by die sin Jan het geloop voor Piet geloop het. Die struktuur vorige dag kan ontleed word in die onderliggende struktuur as dag/voor. Afleidings by die voorsetsel voor sluit in voorafgaande (dag) en voor=aand.

Die Koppelwerkwoord.

Botha (1973) toon aan dat die koppelwerkwoord nie in die onderliggende struktuur voorkom nie. Botha (1973) postuleer 'n onderliggende atoom-predikaat/wees/wat teenwoordig is by die koppelwerkwoorde: raak, bly, word, blink, lyk en is (en was). Die vorme is en was verteenwoordig die atoompredikaat /wees/as pro-vorm. Botha (1973) toon aan dat die generering van adjektiewe ten beste hoogs problematies is. Tempus aanduiding by is/was kom by die bo-bou voor. "So besit blou byvoorbeeld die inherente kenmerk wat met is/was in die bo-bou te kan kombineer--" (Botha, 1973, p40).

Botha (1973) wys verder daarop dat die koppelwerkwoorde blyk, raak (o.m.) is of was kan vervang, waar aspek of modaliteit nie ter sprake is nie.

Sy was mooi.

Hy was opgewonde.

Die oes was belowend.

Die lug was skoon.

Die kos was lekker.

Sy het mooi gelyk.

Hy het opgewonde gelyk.

Die oes het belowend gebly.

Die lug het skoon geruik.

Die kos het lekker gesmaak.

Het is geanaliseer as onderliggende predikaat. Die vorm het + deelwoord dui verlede tyd aan. Die adjektief word hier beskou as onderliggende werkwoord. In die onderliggende struktuur van was kan die predikaat het gepostuleer word.

Die deelwoord word in die onderliggende struktuur gemarkeer. Die vorm Jan is getroud word afgelei van Jan het getrou (in aansluiting by Botha 1973). Die verlede tyd infinitief vorm kom by die struktuur was siek gewees voor, omdat die vorm was reeds tempus aandui. Was word by die struktuur kon gewees het deur gewees het vervang omdat 'n verlede tydsaanduiding reeds teenwoordig is by kon.

Die vorm is verteenwoordig twee vorme: 'n "verlede tyds" vorm en 'n "presens" vorm is. By die vorm Jan is siek gewees word is geïnterpreteer as verlede tydsvorm.

Dit is in 1948 gewees.

(vgl. Conradie C.L. (1977)).

DIE PASSIEFKONSTRUKSIE IN AFRIKAANS

Die passief word as adjektiefkonstruksie beskou in aansluiting by Ross (1972). Botha (1973) wys daarop dat adjektiewe afgelei kan word van naamwoorde en werkwoorde.

Twee aspekte van die passiefvorm moet beklemtoon word:

- (a) Die passief is 'n adjektiefkonstruksie.
- (b) Die vorme is en was moet beskou word as verteenwoordigend van 'n skaal. Is verteenwoordig 'n oorgang van presens na verlede tyd. Die vorme is en was verteenwoordig 'n oorgang van presens tot verlede tyd. Die sin Die knope is blink het 'n adjektiewe interpretasie. Die sin Die geweer is gelaai is meerduidelik in interpretasie: as passief of as adjektiefvorm. Die sin Die knope is blink kan meerduidelik gemaak word deur die sin 'n werkwoordelike interpretasie te gee:

Die knope is blinkgemaak.

Die knope is (gister) blink gemaak en Die knope is (nou) blinkgemaak.

Conradie M. (1969) wys daarop dat meerduidige sinne soos Die geweer is gelaai eenduidig gemaak kan word deur die toevoeging van 'n bepaler van tyd nou of gister: Die geweer is nou gelaai, Die geweer is gister gelaai.

Conradie M. (1969) stel verder dat die werkwoorde herhaal, bestuur, geskreeu, onderskei, gelaak, aangepor en aanbid nie met die koppelwerkwoord is verbind nie. Botha J.P. (1973) wys op 'n soortgelyke voorbeeld: doodgeskaam.

Ek skaam my oor haar gedrag (+ presens).

Ek is doodgeskaam oor haar gedrag.

Jan herhaal sy woorde.

Sy woorde word herhaal.

Sy woorde was herhaal.

*Sy woorde is (nou) herhaal.

Jan bestuur die maatskappy.

Die maatskappy word bestuur.

Die maatskappy is bestuur.

Die maatskappy was bestuur.

Die Egiptenare aanbid Isis.

Isis word aanbid.

Isis was aanbid.

Die vorm aanbid kom met was en is voor en verwys na die verlede tyd. Daar is geen tydsverskil by is of was nie: Isis was aanbid en Isis is aanbid verwys na die verlede. Die vorm Isis was aanbid stel nie 'n voor-verlede tyd voor nie. Die vorm Isis was aanbid is egter belangrik om twee redes.

By die generering van die vorm Isis was aanbid is die voorwerp (Isis) deur 'n transformasie geskuif. By die analisie van verowerde stad is daar ook gebruik gemaak van die voorwerpsverskuiwingstransformasie.

NS. (Die stad (x verower die stad)). NS.

—→ (stad (die stad verower deur x)).

—→ (stad wat verower).

—→ verowerde stad.

Die vorm gewees is aanvaarbaar by Isis was aanbid ge=
wees net soos Jan was siek gewees.

By die analisie van verowerde stad verskyn die "agents"
deur x voordat dit weggelaat word.

Die vorm deur x is dikwels meerduidig in betekenis
en kom nie altyd by die passiefvorm alleen voor nie:

Die eiland is omring.

Die eiland is (nou) deur water omring.

Die eiland is (gister) deur water omring.

Die eiland was gister omring deur water.

Die eiland is toegegroeï.

Die eiland is toegegroeï deur ondeurdringbare moeras=
tuig.

Die eiland is (nou) toegegroeï deur ondeurdringbare
moerastuig.

Die eiland is (gister) deur ondeurdringbare moeras=
tuig toegegroeï.

Die eiland was toegegroeï (gewees) deur ondeurdring=
bare moerastuig.

Elkeen is aangetas.

Elkeen is aangetas deur 'n gevoel van matheid.

Elkeen is (nou) aangetas deur 'n gevoel van matheid.

Elkeen is (gister) deur 'n gevoel van matheid aangetas.

Elkeen was aangetas (gewees) deur 'n gevoel van mat=
heid.

(vgl. Conradie 1969 vir voorbeeldsinne).

(Conradie 1969) wys daarop dat die vorm versprei as
'adjektief' en as "passiefkonstruksie" kan voorkom.
Die lees was versprei in die vorm van 'n halfmaan.

Die saad is deur die tuinier versprei.

Die vorm die saad is deur die tuinier versprei kan meerduidig gemaak word deur die verskuiwing van ver= sprei. Die saad is versprei (deur die tuinier).
(+ passief + adjektief).

→ Die saad is deur die tuinier versprei: (+ passief).

Die saad is versprei.

Die saad is nou versprei.

Die saad is gister versprei.

Conradie M. (1969) wys daarop dat by die vorme af= gebeeld, beliggaam en saamgevat word vervang mag word deur die koppelwerkwoord is. Die presens - is - (koppelwerkwoord) kan egter ook vervang word deur die vorm is (verlede tyd).

Koning Clovis word op die seël afgebeeld.

Koning Clovis is op die seël afgebeeld.

Koning Clovis is (deur die Franke) op die seël afge= beeld.

Die Federasie word beliggaam in die Federale Raad.

Die Federasie is beliggaam in die Federale Raad.

Die Federasie is (gister) deur die invoeging van Klous. 86 (1978) in die Federale Raad beliggaam.

Albei aspekte van die slopingsproses word saamgevat in die Torquemada figuur.

Albei aspekte van die slopingsproses is (nou) saam= gevat in die Torquemada figuur.

Albei aspekte van die slopingsproses is (gister deur die invoeging van die kleur rooi) in die Torquemada figuur saamgevat.

Conradie C.M. (1977) stel dat wees beskikbaar is as "passiewe hulpwerkwoord":

Christus wat deur ons aanbid wil wees.

Drie aspekte van die analise van die sin blyk belangrik te wees:

- (a) die infinitief wees verskyn met wil.
- (b) Die sin is meerduidig: Christus wil hê ons moet Hom aanbid.
Ons wil Christus aanbid.

Die passiefkonstruksie met wil is reeds bespreek in hoofstuk 1:

Jan wil Sannie soen.

~~Sannie wil deur Jan gesoen word.~~

- (c) Aanbid is feitelik en kom by die vorme was en is (verlede) voor.
Die vorm wees verskyn as infinitief by wil, omdat die tydsverwysing by wil verskyn en by wees opgehef kan word.

Vorme soos Christus wat deur ons aanbid wil wees, dui eerder op 'n dubbelsinnige vorm: adjektief of passief. Die begrip dubbelsinnigheid kom egter tot die kern van die passief vorm: die passief is 'n Adjektiewe vorm.

Onderliggend aan die koppelwerkwoord was moet die vorm het + deelwoord gepostuleer word. In die onderliggende struktuur word die deelwoord gemarkeer as verlede tyd. Die adjektief behou die tydsverwysing (+ verlede) en in die bobou word was ingevoeg. By die vorme *Jan is nou slim en Jan is slim, is dit die vorm slim wat saam met die aspekbetekenis voorkom, eerder as aangeheg aan die koppelwerkwoord is.

Hoofstuk 4

Die bepaler van tyd.

Inleiding:

Twee kenmerke word aan die bepaler van tyd toegeken:

- (a) Die bepaler van tyd is 'n hoër predikaat en dui 'n tyds=
verwysing voor, na en gelyktydig met die performatie=
we tyd aan.
- (b) Die bepaler van tyd is 'n onderliggende konstante.
In die studie sal die vorm toe beskou word as die
pro-vorm van die verlede tyd:

*Jan sal huis toe gaan toe Koos kom.

Jan het huis toe gegaan toe Koos gekom het.

Daar is reeds gewys op een belangrike funksie van die
bepaler van tyd. Die bepaler van tyd as hoër pre=
dikaat is verantwoordelik vir 'n gelykmakingsproses by
die voorstelling van tyd in Afrikaans.

By die toekomstige tyd word sal weggelaat by die struk=
tuur Môre speel die All Blacks teen SWD. By die ver=
lede tyd word het heelwaarskynlik weggelaat by die
struktuur Gister swem ons in die rivier.

Die historiese presens word aangedui deur (o.m.) 'n be=
paler van tyd. Die historiese presens is 'n presens=
vorm met 'n verlede betekenis. Waar die verlede tyds=
betekenis van die historiese presens reeds geskep is
deur die bepaler van tyd, het die het + deelwoord vorm
die betekenis van 'n verlede van 'n verlede.

'n Sintaktiese beskouing van die bepaler van tyd.

De Villiers (1968) bespreek bepalings soos altyd, dikwels en
gewoonlik onder die konsep "sikliese tyd."

Senekal e.a. (1972) bespreek die vorm altyd as bepalings van
tyd.

Oosthuizen (1962) beskryf bepalings soos altyd, soms en gister as bepalings van tyd.

Van Staden (1968) onderskei tussen bepalings van tyd, tydsduur en frekwensie. Van Staden (1968) onderskei tussen bepalings van tyd en tydsduur op grond daarvan dat bepalings van tyd beïnvloed word deur 'tempus' en tydsduur nie beïnvloed word deur die kategorie 'tempus' nie.

Jan het gister gekom.

*Jan sal gister kom.

Jan het deur die nag geslaap.

Jan slaap deur die nag.

Die feit dat die bepaler van tyd Môre nie met die werkwoorde het + deelwoord voorkom nie, is 'n suiwer leksikale kwessie. Van Staden (1968) onderskei dan ook tussen bepalers van frekwensie en bepalers van tyd op grond daarvan dat die bepaler van frekwensie met die verbum verbind en die bepaler van tyd nie: "maar anders as in die geval van die adv. t ... kan ons tog praat van 'n verbinding van verbum en adverbiale bepaling." (Van Staden, 1968, bl.58).

Van Staden (1968) ontleed dan die volgende strukture. (vgl Van Staden, 1968, bl. 84 - 86).

(1) wees + (adj) + (adv. tyd)
(adv. plek) (adv. duur)
(adv. rigting)

(2) Snw(?) + wees + (adv. tyd)
(adv. duur)

(3) wees + (adj.) + adv. frekwensie,
(adv-p)

(4) transitiewe verbum + NS + (adv-t)
(adv-f)
(adv-d)

58/...

- (5) intransitiewe verbum + (adv-t)
(adv-d)
(adv-f)
- (6) het/kos/weeg/ + NS + (adv-t)
(adv-d)
(adv-f)
- (7) lyk/smaak/voel/ruik + adv + (adv-t)
(adv-f)
(adv-d)
- (8) nie-statiiese verba + (adv-t)
(adv-f)
(adv-d)
- (9) statiiese verba + (adv-t)
(adv-f)
(adv-d)

Struktuur (2) verteenwoordig uitsonderings op (1):

Die vergadering is môre.

Haar verjaarsdag is volgende week.

Gradeplegtigheid is die dertiende Desember.

Die uitsonderings kom nie by die bepaler van frekwensie voor nie:

*Die vergadering is soms.

*Haar verjaarsdag is altyd.

*Gradeplegtigheid is telkens.

Oosthuizen (1962) onderskei tussen sg. vaste en vrye bywoorde van 'tyd'. "Vrye tydswoorde dui duidelik afgebakende tydseenhede aan, bv. vanjaar, vandag, môre, gister, ens. Vaste bwe. van tyd sluit diesulkes in wat dui op oomblikkeheid ... bv. dadelik, skielik, meteens ens., herhaling bv. telkens, weer en ander tydswoorde wat nie op afgebakende tydseenhede dui nie, bv. soms, selde ..."

(Oosthuizen 1962, bl. 58)

59/...

'Vaste' bywoorde verskyn voor die bywoorde van plek of wyse in die sin:

Jan sing soms mooi/* mooi soms.

Jan speel selde goed/*goed selde.

Dit gaan altyd goed/*goed altyd.

'Vrye' bywoorde kan plek omruil met bywoorde van plek of wyse.

Sy sing vanaand mooi/mooi vanaand.

Jan speel vandag in die huis/in die huis vandag.

'Vrye' bywoorde is 'vas' voor sal en het.

Jan sal vandag buite speel/*buite vandag speel.

Jan het gister buite gespeel/*buite gister gespeel.

Variasie speel klaarblyklik 'n belangrike rol by dié sintaktiese strukture. By die dat inlyfsin is die 'vrye' bywoorde 'vas' maar by 'n weggelate 'dat' inlyfsin is die vrye bywoord 'vry'.

Hy sê dat Jan vandag buite speel/*buite vandag speel.

Hy weet dat Jan vandag buite speel/*buite vandag speel.

Hy sê Jan speel vandag lekker/lekker vandag.

Die bepaler van tyd nou blyk egter 'n uitsondering te wees.

Nou kom in dieselfde posisies as soms en selde voor: nou is 'n 'vaste' bywoord.

Laat my nou reguit praat/* reguit nou praat.

Vleis sal nou lekker smaak/*lekker nou smaak.

Vleis smaak nou lekker/*lekker nou.

By 'n sintaktiese analise van die bepaler word hoofsaaklik twee probleme ondervind:

- (a) uitsonderings (soos by nou) sal 'n belangrike punt van bespreking moet vorm,
- (b) Daar is nooit sprake daarvan dat met tyd gewerk word nie.

Twee kenmerke word aan die bepaler van tyd toegeken:

- (a) die bepaler van tyd is 'n onderliggende konstante.

Die onderskeiding tussen bepalers van frekwensie en bepalers van tyd kan op grond hiervan gemaak word. Die onderskeiding maak dit ook moontlik om gevalle soos Die vergadering is môre, te bespreek.

- (b) Die bepaler van tyd verwys na 'n tyd voor, na en gelyktydig met die performatiewe tyd.

Die vorme daar, daardie en toe blyk 'n belangrike ooreenkoms te hê: daardie soos by die sinne (Gedurende) daardie tyd het hulle teen baie moeilikhede gestuit en Daardie middag het Jan min gesels, verwys na 'n bepaalde tyd. Die vorm toe: Die mense was reeds in die saal toe Jan ingestap kom verwys na 'n bepaalde oomblik. Die funksie van daar is aanwysend van aard: Daarna het sy my dikwels begin uitvra.

By die vorme soms, dikwels en altyd, kom 'n eksistensiële daar voor.

Daar bestaan soms probleme waarmee die moderne mens te kampe het.

Daar is dikwels 'n gebeurtenis wat die gang van die mensdom beïnvloed.

Die voorkoms van bepalers van frekwensie met adjektiewe en werkwoorde word beperk. Die bepaler van frekwensie is onaanvaarbaar by adjektiewe soos word gebore, dood en lewend maar is aanvaarbaar by adjektiewe soos getroud en senuweeagtig.

*Jan is soms dood.

*Jan is dikwels lewend.

*Jan word soms gebore.

*Jan sterf dikwels.

*Jan lewe soms.

Mense sterf dikwels in 'n hospitaal.

Jan eet dikwels in die stad.

Jan loop soms in die stad.

61/....

Die vorm Mense sterf dikwels in 'n hospitaal, het 'n iteratiewe interpretasie.

Lakoff G (1972, 1973) stel voor dat onderliggend aan bepalers van frekwensie 'n kwantifiseerder voorkom. Onderliggend aan 'n vorm soos Die president van Uganda sterf soms in 'n hut, is 'n struktuur soos (sommige van t)(X sterf by t en X is president).

Peterson (1975) wys daarop dat 'n term soos president van Uganda nie 'n eenvormige term is nie d.i.

(sommige van t) (X is president by t) (X is president by t en X sterf).

Die afleiding kan gemaak word by 'n sin soos Gister het die president van Uganda gesterf, dac Amin gister gesterf het.

Die afleiding dat Amin gister gesterf het kan nie by die sin Soms sterf die president van Uganda gemaak word nie.

Die bepalers saans, soggens, snags, in die aand, in die oggend en in die nag, lewer besondere probleme.

Van Staden (1968) beskou die vorme snags, saans en soggens as bepalers van frekwensie en die vorme in die nag, in die aand en in die oggend as bepalers van tyd. Die vorm saans is dikwels meerduidig in betekenis. By die sin Saans lees Jan die koerant, kan saans beteken elke aand.

Jan lees elke aand die koerant.

Die sin Jan lees saans die koerant, kan ook beteken Jan lees nie elke aand die koerant nie, maar wanneer Jan die koerant lees, is dit in die aand.

Die werkwoord lees speel 'n belangrike rol by die meerduidigheid van sinne soos Saans lees Jan die koerant. Die sin Saans sterf die president van Uganda, kan op drie maniere geïnterpreteer word:

- (a) Dieselfde president sterf elke aand.
- (b) Verskillende presidente sterf, maar een president sterf elke aand.
- (c) Verskillende presidente sterf, maar nie noodwendig

62/...

elke aand nie.

Binne ons bekende wêreld is dit alleen (b) en (c) wat moontlik is.

Die vorm in die nag kan ook op 'n meerduidige manier gebruik word. Die spreker kan beklemtoon dat Jan, by die sin Jan het in die nag gekom, in die nag en nie in die dag gekom het nie (vgl hoofstuk 2). Die spreker kan ook beklemtoon dat Jan 'n bepaalde nag gekom het.

Die sinne Jan het dié nag gekom en Jan het daardie nag gekom is aanwysend.

Die bepalers van frekwensie soms selde gewoonlik en altyd.

Goldsmith en Woisetschlaeger (1976) wys daarop dat die vorm Jan voer altyd die duiwe, gepaard gaan met 'n negatiewe houding van die spreker t.o.v. die onderwerp van die sin.

Jan oefen altyd klavier.

Jan praat altyd.

Die bepaler selde kom ook met 'n negatiewe houding van die spreker voor. Die negatiewe houding wat voorgestel word deur selde het dikwels te make met die vooronderstellings van die spreker.

Jan oefen selde klavier.

Jan leer selde.

Jan slaap selde.

Lawler (1973) wys daarop dat sinne soos Jan loop skool toe, 'n universele interpretasie het. Sinne soos Jan kyk na meisies het 'n eksistensiële interpretasie.

By die gebruik van die vorme selde, soms, telkens en gewoonlik kan die afleiding gemaak word dat daar gevalle bestaan wanneer Jan skool toe stap, by sinne soos Jan loop gewoonlik / dikwels/soms skool toe.

By die sin Sy sing soms mooi kan die afleiding gemaak word dat daar gevalle bestaan wanneer sy mooi sing. By negering: Sy sing soms nie mooi nie, kan die afleiding nog gemaak word

63/...

dat daar gevalle bestaan wanneer sy mooi sing.

By die sin Jan werk altyd hard maak die spreker die vooronderstelling dat Jan, wanneer hy werk, hard werk. Sinne soos Jan werk altyd hard, het 'n universele interpretasie.

Lawler (1973) wys daarop dat altyd meerduidelik is: met 'n universele interpretasie en 'n betekenis wat ooreenkom met slegs. Die vooronderstelling van die spreker speel 'n belangrike rol by die meerduidelikheid van altyd. Die sin Jan kyk altyd na meisies beteken nie dieselfde as Jan kyk slegs na meisies nie. By die gebruik van 'n sin soos Jan stem altyd D.P., stem die betekenis van altyd en slegs ooreen.

Jan stem slegs D.P.

Jan stem altyd D.P.

By die werkwoord eet, beteken slegs nie dieselfde as altyd nie.

Jan eet altyd vis.

Jan eet slegs vis.

By die werkwoord vlieg: Sannie vlieg altyd met 'n vliegtuig na die Kaap, stem die betekenis van altyd en slegs ooreen. By die sin Voëls vlieg altyd na die noordekant van die huis, stem die betekenis van altyd en slegs nie ooreen nie. Voëls vlieg altyd na die noordekant van die huis.

~~=~~ Voëls vlieg slegs na die noordekant van die huis.

By die werkwoord tik, beteken altyd nie dieselfde as slegs nie.

Jan tik altyd 'n brief.

~~/~~ Jan tik slegs 'n brief.

By die werkwoord skryf beteken altyd nie dieselfde as slegs nie.

Jan skryf altyd 'n brief.

Jan skryf slegs 'n brief.

By die werkwoorde boer en ploeg, beteken die bepaler altyd in bepaalde gevalle dieselfde as slegs.

Jan boer altyd met mielies.

Jan boer slegs met mielies.

Jan ploeg altyd met 'n trekker.

Jan ploeg slegs met 'n trekker.

By die werkwoord stem is dit binne ons bekende wêreld slegs moontlik om vir een party te stem, hoewel daar 'n keuse vir die spreker bestaan vir watter partye hy kan stem. By die werkwoord vlieg is dit vir Sannie moontlik om op een manier te vlieg: waar dit moontlik is om in 'n ruimtetuig of 'n vliegtuig te vlieg is slegs een wyse moontlik. Voëls het 'n keuse van waar om te vlieg.

By gemengde boerdery word met verskeie produkte geboer. By nie-gemengde boerdery met een produk. By nie-gemengde boerdery kan daar 'n keuse wees waarmee geboer wil word, maar slegs een tipe produk is moontlik.

Jan boer altyd met beeste.

Jan boer slegs met beeste.

Waar daar 'n keuse is, beteken altyd nie dieselfde as slegs nie. Waar daar 'n keuse is, maar slegs een van die keuses is verpligtend soos by stem, stem die betekenis van slegs en altyd ooreen.

Altyd kwantifiseer oor tyd.

Die bepaler van tyd verskil van die bepaler van frekwensie omdat die bepalers van tyd onderliggend as konstante voorkom. Die bepaler van tyd kom as aanwysende vorm voor - daardie aand omdat hierdie konstante aanwesig is.

Die uitsonderings op die reël wees + (adj) + bepaler van tyd verwys na 'n bepaalde gebeurtenis, die vergadering, die gradeplegtigheid, haar verjaarsdag en die afspraak.

Die konsert is vanaand.

Die inhuldiging is môreaand.

65/...

Die gradeplegtigheid is op die 13de Desember.

Haar verjaarsdag is in Augustus.

Die afspraak is om een-uur.

Bepalers van tyd verwys na 'n tyd voor, na en gelyktydig met die tyd van uiting.

Palmer (1974) verdeel die bepaler van tyd in vier groepe:

- (a) Bepalers van tyd wat verwys na 'n tyd voor die performatiewe tyd. Die bepalers van tyd gister, verlede (week) en destyds verwys na 'n tyd voor die tyd van uiting. Vorme soos vorige en vooraand verwys ook na 'n tyd voor die werkwoord-tyd.

Ross (1975) wys daarop dat die bepaler nou ook by die verlede tyd voorkom:

Ek het gedink dat die soldate nou gereed was om te veg.

Die vorme nou net en netnou dui 'n tyd voor die performatiewe tyd aan.

Ek werk nou.

*Ek het nou gewerk.

Ek het nounet gekom.

Die bepaler van tyd nou kom in die verlede tyd by ingelyfde sinne voor.

Nou dui 'n tyd voor die tyd van uiting aan waar die matrikswerkwoord 'n werkwoord van denke is.

Ek het gedink dat die soldate nou gereed was om te veg.

Ek het geglo dat die soldate nou gereed was om te veg.

Die bepaler nou is onaanvaarbaar by matrikswerkwoorde soos uitgevind, ontdek, geskok, geamuseer en verafsku.

*Ek het uitgevind dat die soldate nou gereed was om te veg.

*Ek het geweet dat die soldate nou gereed was om te veg.

*Ek was geskok dat die soldate nou gereed was om te veg.

66/...

*Ek was geamuseerd dat die soldate nou gereed was om te veg.

*Ek het dit verafsku dat die soldate nou gereed was om te veg.

Die bepalers van tyd môre, volgende (week) en eersdaags, verwys na 'n tyd na die van die performatiewe tyd.

Jan kom eersdaags.

Jan kom môre.

Jan kom netnou.

Die bepalers van tyd deesdae en nou kom voor met 'n tydsverwysing gelyktydig met die performatiewe tyd.

Jan kom nou.

Jan werk deesdae hard.

Bepalings van tyd soos vanmiddag, vanaand en vanjaar, kom by die toekomstige tyd sowel as die verlede tyd voor.

Jan het vanmiddag gekom.

Jan sal vanmiddag kom.

'n Belangrike aspek van die voorstelling van die bepaler nou blyk die voorkoms van die bepaler te wees by die verlede tyd.

Die bepaler nou kom, in die verlede tyd, by werkwoorde van denke: gedink; veronderstel en geglo voor.

Ek het gedink dat die soldate nou gereed was om te veg.

Ek het geglo dat die soldate nou gereed was om te veg.

Ek het veronderstel dat die soldate nou gereed was om te veg.

Die bepaler nou blyk onaanvaarbaar te wees by werkwoorde soos gelaak.

Daar is reeds op een verskil gewys tussen werkwoorde soos dink en gelaak. Werkwoorde soos gelaak is in hoofstuk 3 gekenmerk deur die was vorm wat by die adjektief voorkom. Werkwoorde soos dink is gekenmerk as werkwoorde wat met 'n tyd gelyktydig met die performatiewe tyd voorkom. Die bepaler van tyd tree by sinne

soos: Ek het gedink dat die soldate nou gereed was om te veg, op as bepaler wat verwys na 'n tyd gelyktydig met die tyd van die werkwoordsvorm het gedink in die matrikssin.

Slotbeskouing.

Een sentrale tema is uitgewerk in die studie: die kategorie tempus kom in Afrikaans voor. By die presens is dit dan ook die gelykmakingsproses wat beklemtoon is: die gelykmakingsproses moet beskou word as 'n kern proses wat besig is om plaas te vind.

Die verlede tyd word gemerk deur die bepaler van tyd en leu die werkwoordsvorm het + deelwoord. Die onderskeiding teenwoordige tyd, verlede tyd is op 'n meer funksionele manier beskryf: die teenwoordige tyd is 'n betrokke tydsvorm: die spreker is betrokke by die gebeure wat gelyktydig met die performatiewe tyd plaasvind. Die verlede tyd is 'n feitelike tydsvorm en die spreker is nie betrokke by die gebeure nie. Onderliggend aan adjektiewe wat met was of is (verlede tyd) voorkom, is die medewerkwoord het + deelwoord gepostuleer. Die vorme was of is word op 'n latere stadium ingevoeg omdat die tydsverwysing deel van die betekenis van die adjektief geword het.

BRONNELYS

- Bach, E. Have and be in English Syntax, Language, 1967, vol.43, bl.462 - 85.
- Binnick, R.I. Will and be going to I, CLS, 1971, vol. 7, bl.40-53.
- Binnick, R.I. Will and be going to II, CLS, 1972, vol.8, bl.3-9.
- Bolinger, D. Adjectives in English, Lingua, 1967, vol.18, bl.1-34.
- Bolinger, D. The nominal in the progressive, LI, 1971, vol.2, no.1, vl.246-250.
- Bolinger, D. Adjective comparison: A semantic Scale. Journal of English Linguistics, 1967, vol.1, bl.2-10.
- Borkin, A. Polarity items in questions, CLS, 1971, vol.7, bl.53-63.
- Botha, J.P. Die adjektief as voorbepaling in Afrikaans, Doktorale verhandeling, Unisa, 1973.
- Botha J.P. Aspekte van die koppelwerkwoord in Afrikaans, TF, 1975, vol.19, no.3, bl.29-49.
- Boyd, J & J.P. Thorn. The semantics of modal verbs. J.O.L. 1969, bl.57-74.
- Comrie, B. Aspect, London. C.U.P., 1976.
- Conradie, C.L. Die hulpwerkwoord Het binne die Afrikaanse werkwoordgroep. T.F., 1977, vol.22, bl.56-72.
- Conradie, M.A. Die lydende vorm in Afrikaans, M A verhandeling, 1969, Stellenbosch.
- Crystal, D. Specification and English tenses. J.O.L., 1966, vol. 2, bl.1-33.

- De Villiers, M. Die grammatika van tyd en Modaliteit,
Kaapstad: 1968.
- Dowty, D.R. Temporally restricted adjective in Kimball,
1972.
- Fillmore, C.J. & D Langendoen. Studies in linguistic
semantics. New York: Holt Rinehart & Sinston, 1971.
- Fujimura, O. (Red.) Three dimensions of linguistic theory.,
Tokyo: T.E.C. 1973.
- Geiss, J. Lexical insertion of locative and time preposi=
tions, C.L.S., 1970, vol.6, bl.226-233.
- Geiss, M.L. Time prepositions as underlying verbs, C.L.S.,
1970, vol.6, bl.234-248.
- Ghallagher, M. Adverbs of time and tense, C.L.S., 1970,
vol.6.
- Givón, T. Opacity and reference in language, Bloomington:
Indiana linguistics club, 1971.
- Givón, T. Implications, presuppositions and the time axis
of verbs, Bloomington: Indiana linguistics club, 1972.
- Goldsmith, J & E Woisetschlaeger. The logic of the progres=
sive aspect. Bloomington: Indiana linguistics club,
1976.
- Green, G M. How abstract is surface structure, C.L.S., 1970,
vol.6, bl.270-282.
- Gruber, J. Look and see. Language, 1967, vol.43, bl.937-
948.
- Harris, M. Problems of deep and surface structure, as reflec=
ted in a diachronic analysis of the French verbal sys=
tem. J.L., 1972, vol.8, bl.267-280.

70/...

- Heinämäki, O. Before. C.L.S., 1972, vol.8, bl.139-152.
- Hoffman, T. Past tense replacement and the modal system, 1966 in McCawley, 1975.
- Horn, L.R. Ain't it hard (anymore), C.L.S., 1970, vol.6, bl.318-328.
- Horn, L.R. Negative transport: unsafe at any speed? C.L.S., 1971, bl.120-134.
- Huddleston, R. Some observations on tense and deixes, Language, 1969, vol. 45, bl.777-806.
- Huddleston, R. Some theoretical issues in the description of the English verb, Lingua, 1976, bl.331-356.
- Jacobs, R.A. & P.S. Rosenbaum. Readings in English transformational grammar. New York: Ginn & Co., 1970.
- Jenkins, L. Will deletion. C.L.S., 1972, vol.8, bl.173-183.
- Karttunen, L. Implicative verbs, Language, 1970, vol.47, bl.340-359.
- Karttunen, L, Until, C.L.S., 1974, vol.10, bl.284-298.
- Keenan, E.L. Colloquium on formal semantics of language, 1973 gepubliseer as Formal semantics of natural language, Cambridge: C.U.P. 1975.
- Kempen, W G. Van agtersetsels tot voorsetsels tot zero-setsel in Afrikaans. In Afrikaans 1875-1975. 1975, Akademie vir kuns en wetenskap, Perskor : Pretoria.
- Kimball, P. (Red.) Syntax and Semantics. New York: seminar press, 1972.

Kiparsky, P. Tense and mood in Indo European syntax, F.O.L., 1969, vol.4, bl.30-57.

Klooster, W.G. The structure underlying measure phrases, doktorale proefskrif, Utrecht, gepubliseer 1972.

Klooster, W.G. & H Verkuyl. Measuring duration in Dutch, F.O.L., 1969, vol.4, bl.30-57.

Lakoff, G. On the nature of syntactic irregularity. 1965, gepubliseer as Syntactic irregularity: Bloomington Transatlantic series, 1970.

Lakoff, G. Pronominalization, negation and the analysis of adverbs in Jacobs & Rosenbaum 1970(a).

Lakoff, G. Linguistics and natural logic. Synthese, 1970(b), vol.22, bl.151-271.

Lakoff, G. Adverbs and opacity. Bloomington: Indiana Linguistics club, 1972.

Lakoff, G. Adverbs and modal operators. Bloomington: University of Michigan Phonetics Laboratory, Indiana university linguistics club, 1973.

Lakoff, R. Tense and its relation to participants, Language, 1970, vol.46, no.4, bl.389-448.

Langacker, R.W. Movement rules in a functional perspective. Language, 1974, vol.50, no.4, bl.630-665.

Lawler, J. Generics to a fault. C.L.S., 1972, vol.8, bl.247-259.

Lawler, J. Tracking the generic toad. C.L.S., 1973, vol.9, bl.320-332.

72/...

- Leech, G N. Towards a semantic description of English,
Bloomington: C.U.P., 1969.
- Lyons, J. Introduction to theoretical linguistics.
Cambridge: C.U.P., 1968.
- McCawley, J. Syntactic and logical arguments for semantic
structure (1970) in Fujimura, O. (1973).
- McCawley, J. Grammar and meaning. Tokyo: T.E.C., 1974.
- Oosthuizen, W.J.J. Wet van opeenvolging van Bywoorde in
Afrikaans, M A Verhandeling, Stellenbosch 1964.
- Palmer, F R. The English verb. London: Longmans, 1974.
- Peterson, R. Predicate Modifiers. Bloomington: Indiana
university linguistics club, 1975.
- Ponelis, F. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis.
Pretoria, Van Schaiks, 1968.
- Postal, P.M. On Raising. Michigan: M.I.T., 1971.
- Putsey, S.Y. Constraints on nouns in during adverbials.
Leuvense Bijdragen, 1973, vol. 62, bl.1-11.
- Ross, J.R. Auxiliaries as main verbs in Todd (1969).
- Ross, J.R. The category squish: Endstation Hauptwort.
C.L.S., 1972, vol.8, bl.316-329.
- Ross, J.R. Clausematiness (1973) in Keenan (1975).
- Scholtz, J du P. & J A Verhage. Die volgorde van verbonde
verbale vorme, in Scholtz (1963), bl.162-168.
- Scholtz, J du P. Taalhistoriese opstelle. Van Schaiks:
Pretoria, 1963.
- Senekal, H.E.J., F Ponelis & W J de Klerk. Die Patroon
van Afrikaans, Johannesburg: Afrikaanse boekhandel,
1972.

- Sweeny, M. On time prepositions in English. C.L.S., 1975, vol.11.
- Theron, A.S. Die bywoord. M A verhandeling, Stellenbosch 1964.
- T.O.D. Taalstruktuursinne, Staatsdrukker, Pretoria.
- Todd, W.M. (Red.). Studies in philosophical linguistics. Evonston: 1969.
- Van der Merwe, H.J.J.M. Afrikaans: sy aard en ontwikkeling: Pretoria: Van Schaiks, 1968.
- Van Staden, M.M. Die adverbiale bepaling in die sin. M.A. verhandeling, Stellenbosch, 1968.
- Vetter, D.C. Someone solves this problem tomorrow, L.I., 1973, bl. 104-108.
- Wasow, T. McCawley on generative semantics. L.A., 1976, vol.2, bl.279-303.

'n Voorstelling van tydsaanduiding in Afrikaans

deur

Thomas Henry Bowmer

Leier: Dr. M.C.J. van Rensburg

Departement: Afrikaans

Ingedien vir die graad M.A.

In aansluiting by Lyons (1968) word twee kriteria voorgestel as voorwaarde vir die beskrywing van die kategorie tempus:

- (i) tempus-verskil word aangetoon deur reëlmatige vorme.
- (ii) tempus dui 'n kontras aan.

In die studie word die hipotese gestel dat die kategorie tempus in Afrikaans voorkom. Die verlede tyd word aangedui deur het + deelwoord. 'n Belangrike aspek van die studie is die bespreking van 'n gelykmakingsproses by die voorstelling van tyd. By die toekomstige tyd word 'n onderliggende sal voorgestel by vorme soos Môre speel ons teen X. By die verlede tyd word 'n onderliggende het voorgestel by vorme soos Gister swem ons in die rivier. Die onderliggende sal by eg. en het by lg. kan weggelaat word omdat die bepaler van tyd reeds 'n tydsverwysing na en voor die van die performatiewe tyd aandui.

Die vorm Jan het geloop vorm 'n kontras met 'n vorm soos Jan loop waar Jan loop 'n teenwoordige tyd verteenwoordig. Die verlede tyd is feitelik, die teenwoordige tyd nie-feitelik.

In aansluiting by de Villiers (1968) word die toekomstige tyd as modale vorm beskou. By die toekomstige tyd word onderskei tussen die toekomstige tyd aangedui deur die modale hulpwoord sal (asook kan, mag, ens.) en modale bywoorde (miskien); die toekomstige tyd met gaan en die toekomstige tyd aangedui deur die bepaler van tyd (môre) sonder sal. Die toekomstige tyd is nie-implikatief en nie-feitelik.

Twee prosesse word beklemtoon by die infinitief: antesedent verhoudings en die invloed van die hoër werkwoord.

Die historiese presens word as presensvorm beskou met 'n onderliggende verlede betekenis.

In aansluiting by Botha (1973) word die adjektief beskou as 'n onderliggende werkwoord. Die koppelwerkwoord word in die bobou ingevoeg. Tydsverwysing kom as deel van die betekenis van die adjektief voor 'n onderliggende het weglatingsreël word voorgestel.

Twee aspekte van die adjektief word ondersoek:

- (i) die verbinding van adjektief en bepaler van tyd;
- (ii) die passief as adjektiefkonstruksie.

Die voorsetsel van tyd word as onderliggende werkwoord beskou. Die voorsetsel voor verbind die werkwoordtyd van kom by konstruksies soos Jan kom voor Koos kom. Die verspreiding van tydsvoorsetsels, en die ooreenkoms tussen tyd- en plekvoorsetsels met bepaalde bepalers word ondersoek.

Die bepaler van tyd word gekenmerk deur: die bepaler van tyd is 'n onderliggende konstante en die bepaler van tyd dui 'n tydsverwysing voor, gelyktydig en na die tyd van uiting aan. Die werk is geskryf binne die raamwerk van die generatiewe semantiek. Die vooronderstelling word gemaak dat die mede-werkwoordgroep as onderliggende predikate verskyn. Die bepaler van tyd word beskou as 'n hoër werkwoord wat ontstaan buite die WS.

n Voorstelling van tydsaanduiding in Afrikaans

deur

Thomas Henry Bowmer

Leier: Dr. M.C.J. van Rensburg

Departement: Afrikaans

Ingedien vir die graad M.A.

Lyons (1968) defines tense as a systematic grammatical contrast. The hypothesis is postulated that a distinct category tense exists in Afrikaans.

Past tense is indicated by the auxiliary verb 'het' and past participle. An important aspect of the discussion is the deletion of tense.

In the future tense a deep structure verb 'sal' is postulated in sentences like "Môre speel ons teen X." In the past tense a deep structure 'het' is postulated in sentences like "Gister swem ons." The underlying 'sal' is deleted in the first mentioned case and 'het' in the latter case. The adverbs of time 'more' and 'gister' has an underlying reference to a time before or after the time of the performative verb.

The sentence "Jan het geloop" shows a contract in presupposition when compared to the sentence "Jan loop" where the sentence "Jan loop" refers to a present tense. The past tense is factive whereas the present tense represents a non-factive presupposition

De Villiers (1968) describes the future tense as a modality; this view is supported in the study. The future tense is sub-divided into:

- (1) a future tense indicated by the auxiliary 'sal' (as well as kan, mag, etc.) and the modal adverbs "miskien" etc.
- (2) A future indicated by 'gaan' and
- (3) a future indicated by the adverb of time with a deleted 'sal'.

The future tense is non-factive and non-implicative. Two processes are emphasised in the discussion of the infinitive; antecedent relationships as well as the role of the higher verb.

4/...

The historical presence is regarded as having an underlying presence form with a past meaning. Botha (1973) regards the adjective as an underlying verb, this view is supported. The copula is inserted in surface structure. Tense reference is found as part of the meaning of the adjective.

It is postulated that an underlying 'het' is deleted by a transformation. Two aspects of the adjective are examined:

- (1) the co-occurrence of the adjective and adverb of time;
- (2) the passive voice as an adjective construction.

The preposition of time is regarded as an underlying verb. The preposition 'voor' couples the verb tenses of 'loop' in sentences such as Jan kom voor Koos kom. The distribution of time prepositions, as well as the similarity of measure phrases combining with time, and place prepositions are examined.

The adverb of time is characterised by

- (1) an underlying constant;
- (2) an associated meaning before, after or at the same time as the performative verb time reference.

The study is written within the framework of the Generative Semantic School.

The presupposition is made that auxiliaries are underlying main verbs. The adverb of time is regarded as being a higher predicate originating outside the verb phrase.

'N VOORSTELLING VAN TYDSAANDUIDING IN AFRIKAANS

deur

THOMAS HENRY BOWMER

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit LETTERE EN WYSBEGEERTE

Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

15 Mei 1978.